10.1.2. Die Voorsitter van die Federale Raad;

10.1.3. Die Ondervoorsitter van die Federale Raad;

10.1.4. Vier addisionele Uitvoerende Dagbestuurslede verkies deur die Federale Dagbestuur uit sy eie geledere;

10.2. Wanneer die Federale Dagbestuur nie in sitting is nie, oefen die Uitvoerende Dagbestuur sy bevoegdhede uit, met uitsluiting van slegs en uitsluitlike magte en bevoegdhede van die Federale Dagbestuur;

10.3. Die Uitvoerende Dagbestuur is gemoeid met die dag tot dag funksionering van die Vryheidsfront Plus en doen verslag aan die Federale Dagbestuur oor sy werksaamhede;

10.4. Die Uitvoerende Dagbestuur kan enige Lid van die Vryheidsfront Plus vir doeleindes van ʼn spesifieke punt op die sakelys versoek om die betrokke vergadering by te woon;

10.5. Die Leier as Voorsitter het ʼn gewone stem in vergaderings van die Uitvoerende Dagbestuur en beskik oor ʼn verdere beslissende stem in die geval van ʼn staking van stemme;

10.6. Wanneer minstens 3 van die lede van die Uitvoerende Dagbestuur met vermelding van hulle name en ʼn voorgestelde agenda, skriftelik daarom vra, moet ʼn vergadering van die Uitvoerende Dagbestuur gehou word. Indien dit nie binne vyf dae gedoen word nie, het die Lede die reg om self die vergadering te belê;

10.7. In afwesigheid van die Voorsitter van die Uitvoerende Dagbestuur, tree die Voorsitter van die Federale Dagbestuur op as Voorsitter vir die vergadering.

## 10. ARTICLE 10: EXECUTIVE MANAGEMENT OF THE FEDERAL COUNCIL

10.1. Within 14 days after the reorganisation meeting of the Federal Council, the Federal Management must establish an Executive Management with members from its own ranks as follows:

10.1.1. The Leader as Chairperson;

10.1.2. The Chairperson of the Federal Council;

10.1.3. The Deputy Chairperson of the Federal Council;

10.1.4. Four additional Executive Management members elected by the Federal Management from its own ranks;

10.2. When the Federal Management is not in session, the Executive Management exercises its powers, excluding the only and exclusive powers and authorities of the Federal Council;

10.3. The Executive Management is tasked with managing the day-to-day functioning of the Freedom Front Plus and reports to the Federal Management regarding its activities;

10.4. The Executive Management can instruct any member of the Federal Management to attend one of its meetings for the sake of addressing a specific point on the agenda;

10.5. As Chairperson, the Leader has an ordinary vote in Executive Management meetings and furthermore, also has a casting vote in the case of a tie of votes;

10.6. When at least three members of the Executive Management, specifying their names and a proposed agenda, make a written request, a meeting of the Executive Management must be convened. If this is not done within five days, the members have the right to convene the meeting themselves;

10.7. In the absence of the Chairperson of the Executive Management, the Chairperson of the Federal Management shall act as Chairperson for the meeting.

## 11. ARTIKEL 11: HOOF UITVOERENDE BEAMPTE EN AMPTENARE

11.1. Die Uitvoerende Dagbestuur stel 'n Hoof Uitvoerende Beampte vir die Vryheidsfront Plus aan, asook alle Nasionale amptenare as wat die Vryheidsfront Plus nodig ag;

11.2. Die Hoof Uitvoerende Beampte ressorteer onder die gesag en toesig van die Uitvoerende Dagbestuur en doen verslag aan die Uitvoerende Dagbestuur met betrekking tot die bestuur en werksaamhede van die administrasie;

11.3. Die Hoof Uitvoerende Beampte is sekretaris van die Federale Raad, die Federale Dagbestuur, die Uitvoerende Dagbestuur en asook van die Federale Kongres;

11.4. Alle amptenare van die Vryheidsfront Plus word kragtens die Party se Personeelreglement aangestel.

## 11. ARTICLE 11: CHIEF EXECUTIVE OFFICER AND OFFICIALS

11.1. The Executive Management appoints a Chief Executive Officer for the Freedom Front Plus, as well as any national officials deemed necessary by the Freedom Front Plus;

11.2. The Chief Executive Officer operates under the authority and supervision of the Executive Management and reports to it regarding the management and operations of the administration;

11.3. The Chief Executive Officer acts as the Secretary of the Federal Council, the Federal Management, the Executive Management, and the Federal Congress.

11.4. All officials of the Freedom Front Plus are appointed in terms of the Party's Personnel Regulations.

## 12. ARTIKEL 12: FEDERALE KONGRES

12.1. ‘n Federale Kongres van die Vryheidsfront Plus word wanneer wenslik gehou op ‘n plek en tyd deur die Federale Raad bepaal;

12.2. Die Federale Kongres word soos volg saamgestel:

12.2.1. Die lede van die Federale Raad;

12.2.2. ‘n Maksimum van vyftig afgevaardigdes van elke Provinsie of hulle *secundi* tensy die Federale Raad besluit op meer afgevaardigdes.

12.3. Ampsdraers van die Federale Raad is ook ampsdraers van die Federale Kongres.

12.4. Die werksaamhede van die Federale Kongres is om:

12.4.1. Beskrywingspunte te behandel en daaroor aanbevelings aan die Federale Raad te maak;

12.4.2. Ander sake wat op die Sakelys voorkom, te bespreek en daaroor aanbevelings aan die Federale Raad te maak;

12.4.3. Enige sake van Partybelang te behandel.

## 12. ARTICLE 10: FEDERAL CONGRESS

12.1. A Federal Congress of the Freedom Front Plus is held when advisable at a time and place as determined by the Federal Council;

12.2. The Federal Congress is composed as follows:

12.2.1. The members of the Federal Council;

12.2.2. A Maximum of 50 delegates from every Province or their *secundi*, unless the Federal Council decides on more delegates.

12.3. The officials of the Federal Council are also the officials of the Federal Congress.

12.4. The Functions of the Federal Congress include:

12.4.1. Considering resolutions and making recommendations to the Federal Council regarding the said resolutions;

12.4.2. Discussing the other matters on the Agenda and making recommendations to the Federal Council regarding the said matters.

12.4.3. Handling any matters of interest or benefit to the Party.

## 13. ARTIKEL 13: PROVINSIALE PARTYRADE

13.1. 'n Provinsiale Partyraad is die hoogste gesag van die provinsie en reël die organisasie en administrasie in die Provinsie.

13.2. SAMESTELLING

13.2.1. Vir elke Provinsie word 'n Partyraad saamgestel gebaseer op die provinsiale- en streeksmodel wat die Provinsiale Partyraad aanvaar het in gevolge die Organisatoriese Reglement;

13.2.2. VOLLE- OF DIE GEDEELTELIKE STREEKSMODEL

Die Partyraad van 'n Provinsie wat verkies het om die Volle- of die Gedeeltelike Streeksmodel te volg, word soos volg saamgestel:

13.2.2.1. Die Leier van die Provinsie verkies deur die Provinsiale Partyraad;

13.2.2.2. Die Voorsitter van die Provinsie verkies deur die Partyraad wat optree as Voorsitter van die Partyraad;

13.2.2.3. Die Ondervoorsitter van die Provinsie verkies deur die Partyraad;

13.2.2.4. Alle lede van die Nasionale Vergadering, Nasionale Raad van Provinsies en die Provinsiale Wetgewer/Parlement en alle Munisipale Raadslede wat in die Provinsie woonagtig is;

13.2.2.5. Tien afgevaardigdes of hul *secundi* van elke Aktiewe Streek in die Provinsie verkies deur die betrokke Streekraad;

13.2.2.6. Onaktiewe streke in die Provinsie sal slegs deur hul openbare ampsdraers op die Partyraad verteenwoordig word;

## 13. ARTICLE 13: PROVINCIAL PARTY COUNCILS

13.1. A Provincial Party Council is the highest authority in the province and controls the Province's administration and organisation.

13.2. COMPOSITION

13.2.1. For each province, a Party Council is established based on the provincial and regional model adopted by the Provincial Party Council in terms of the Organisational Regulations;

13.2.2. FULL OR PARTIAL REGIONAL MODEL

The Party Council of a province that opts to follow the full or partial regional model is composed as follows:

13.2.2.1. The Provincial Leader, elected by the Provincial Party Council;

13.2.2.2. The Provincial Chairperson, elected by the Party Council, who acts as Chairperson of the Party Council;

13.2.2.3. The Provincial Deputy Chairperson, elected by the Party Council;

13.2.2.4. All members of the National Assembly, National Council of Provinces, Provincial Legislature/ Parliament, and all municipal councillors residing in the Province;

13.2.2.5. Ten delegates or their *secudi* from each Active Region in the Province, elected by the respective Regional Council;

13.2.2.6. Inactive regions in the Province will only be represented on the Party Council by their public office bearers;

13.2.2.7. Een Jeuglid vanuit elke Aktiewe Streek waar daar ten minste een Jeugtak is, verkies by 'n gesamentlike vergadering van die Jeugtakke in die Streek;

13.2.2.8. Indien daar 'n Aktiewe Jeugstruktuur in die Provinsie is, twee Jeuglede soos verkies deur die Jeugraad van die Provinsie;

13.2.2.9. Soveel verteenwoordigers van elke ondersteunersgroep of hulle *secundi* as waarnemers soos wat elke Provinsiale Partyraad self vasstel;

13.2.3. INFORMELE STREEKSMODEL

Die Partyraad van 'n Provinsie wat verkies het om die Informele Streeksmodel te volg, word soos volg saamgestel:

13.2.3.1. Die Leier van die Provinsie verkies deur die Provinsiale Partyraad;

13.2.3.2. Die Voorsitter van die Provinsie verkies deur die Partyraad wat optree as Voorsitter van die Partyraad;

13.2.3.3. Die Ondervoorsitter van die Provinsie verkies deur die Partyraad;

13.2.3.4. Alle lede van die Nasionale Vergadering, Nasionale Raad van Provinsies en die Provinsiale Wetgewer/Parlement en alle Munisipale Raadslede wat in die Provinsie woonagtig is;

13.2.3.5. Soveel verteenwoordigers van elke Tak of hulle *secundi* soos wat elke Provinsiale Partyraad self vasstel;

13.2.2.7. One youth member from each Active Region where there is at least one Youth branch, elected at a joint meeting of the Youth branches in the Region;

13.2.2.8. If there is an active youth structure in the province, two youth members elected by the Provincial Youth Council;

13.2.2.9. As many representatives or their *secundi* from each support group as observers as determined by the Provincial Party Council itself.

13.2.3. INFORMAL REGIONAL MODEL

The Party Council of a province that opts to follow the Informal Regional model is composed as follows:

13.2.3.1. The Provincial Leader, elected by the Provincial Party Council;

13.2.3.2. The Provincial Chairperson, elected by the Party Council, who acts as Chairperson of the Party Council;

13.2.3.3. The Provincial Deputy Chairperson, elected by the Party Council;

13.2.3.4. All members of the National Assembly, National Council of Provinces, Provincial Legislature/Parliament, and all municipal councillors residing in the province;

13.2.3.5. As many representatives or their *secundi* from each branch as determined by the Provincial Party Council itself;

13.2.3.6. Soveel verteenwoordigers van elke ondersteunersgroep of hulle *secundi* as waarnemers soos wat elke Provinsiale Partyraad self vasstel.

13.2.4. Wanneer 'n lid van die Partyraad, wat nie 'n *ex-officio*-lid is nie, om grondige redes nie 'n vergadering kan bywoon nie, woon die behoorlike verkose *sekundus* van so 'n lid die vergadering by;

13.3. REORGANISASIE VAN PARTYRADE

13.3.1. Streke en/of Takke wat nie voor die sperdatum soos deur die Federale Raad bepaal is gereorganiseer is nie, sal nie stemreg op die provinsiale reorganisasievergadering hê of op enige daaropvolgende partyraadsvergadering vir solank hulle nie gereorganiseer is nie;

13.3.2. Die Partyraad kies uit sy lede 'n dagbestuur.

13.4. BEVOEGDHEDE VAN PROVINSIALE PARTYRADE

13.4.1. Provinsiale Partyrade kan na goeddunke 'n provinsiale kongres hou om sake en beskrywingspunte te oorweeg vir verwysing na die Federale Raad;

13.4.2. Die Provinsiale Partyraad kan jaarliks 'n minimum bedrag as aanslag op Takke in die Provinsie hef en wel vir die nakoming van die provinsie se administrasie en verpligting teenoor die Federale Raad;

13.4.3. Die Provinsiale Partyraad kan 'n vergadering van 'n Streeksraad, Streeksdagbestuur of Takbestuur belê.

13.4.4. Die Provinsiale Partyraad moet alle sake in verband met verkiesings in die Provinsie reël, hetsy nasionaal, provinsiaal of plaaslik;

13.2.3.6. As many representatives or their *secundi* from each support group as observers as determined by the Provincial Party Council itself.

13.2.4. When a member of a Party Council is unable to attend a meeting due to valid reasons, the properly elected secundus of that member must attend the meeting;

13.3. REORGANISATION OF PARTY COUNCILS

13.3.1. Regions and/or Branches that have not reorganised before the deadline as determined by the Federal Council, will not have voting rights in the reorganisation meeting or any of the subsequent Party Council meetings for as long as they remain un-reorganised;

13.3.2. The Party Council elect an Provincial Management from among its members.

13.4. POWERS OF PROVINCIAL PARTY COUNCILS

13.4.1. Provincial Party Councils may hold Congresses at their own discretion to discuss and consider matters and resolutions to be referred to the Federal Council;

13.4.2. Provincial Party Councils may levy an assessment of a minimum annual amount on Branches in the Province for compliance with the province's administration and its obligation to the Federal Council;

13.4.3. The Party Council may convene a meeting of a Regional Council, Regional Management or Branch Management meeting;

13.4.4. The Provincial Party Council must make all arrangements relating to elections in the Province, whether national, provincial or local;

13.4.5. Provinsiale Partyrade moet toesien dat die prosedure vir die aanwysing van kandidate soos deur die Federale Raad bepaal, nougeset nagekom word;

13.4.6. Die Provinsiale Partyraad is verantwoordelik vir die behoorlike finansiële bestuur van die Vryheidsfront Plus se finansies in die Provinsie en die bepalings van Artikel 5.3 is *mutatis mutandis* van toepassing op die Partyraad;

13.4.7. Die bepalings van Artikels 8.5.1, 8.5.2 en 8.5.3 ten opsigte van die Federale Raad is *mutatis mutandis* van toepassing op die Provinsiale Partyrade, ten opsigte van sy eie Provinsie, behalwe dat die beslissing nie finaal is nie, aangesien die reg tot appèl tot die Federale Raad bestaan;

13.4.8. Die Provinsiale Partyrade kan van tyd tot tyd komitees of werksgroepe benoem om die Partyraad behulpsaam te wees met die uitvoering van sy pligte. Sodanige komitees doen verslag aan die Partyraad en het geen besluitnemingsbevoegdheid nie;

13.4.9. Elke Provinsiale Partyraad kies uit sy lede 'n verteenwoordiger vir elk van die Staande Komitees van die Federale Raad wat die Provinsie op die spesifieke komitee verteenwoordig.

13.5. VERGADERINGS VAN DIE PARTYRAAD

13.5.1. Die Partyraad vergader so dikwels as wat hyself of die Provinsiale Dagbestuur besluit, met dien verstande dat hy minstens drie keer per jaar moet vergader;

13.5.2. Wanneer minstens 33% van die lede van die Partyraad of minstens 33% van die lede van die Provinsiale Dagbestuur met vermelding van die name van die lede en 'n voorgestelde agenda, skriftelik daarvoor vra, moet 'n vergadering van die Provinsiale Raad binne 14 dae belê word. Indien daar versuim word om die vergadering binne 14 dae te belê, het die betrokke lede die reg om dit self te belê;

13.4.5. Provincial Party Councils must ensure that the procedure for the appointment of candidates, as determined by the Federal Council, is closely adhered to;

13.4.6. The Provincial Party Council is responsible for the proper financial management of the Freedom Front Plus's finances in the Province and the stipulations as set out in Article 5.3 apply *mutatus mutandis* to the Party Council;

13.4.7. The stipulations as set out in Articles 8.5.1, 8.5.2 and 8.5.3 with regard to the Federal Council apply *mutatus mutandis* to the Party Councils as regards its own Province, with the exception of the decision not being final seeing as the right to appeal to the Federal Council exists;

13.4.8. The Provincial Party Councils may from time to time set up committees or task teams to assist the Party Council in performing its duties. Such committees and teams must report to the Party Council and have no decision-making capacity;

13.4.9. Each Provincial Party Council chooses from among its members a representative for each of the Standing Committees of the Federal Council that represents the Province on the specific committee.

13.5. MEETINGS OF THE PARTY COUNCIL

13.5.1. The Party Council meets as often as it or the Provincial Managament decides, provided that it must meet at least three times a year.

13.5.2. When at least 33% of the members of the Party Council or at least 33% of the members of the Provincial Management, specifying the names of the members and a proposed agenda, request it in writing, a meeting of the Provincial Council must be convened within 14 days. If the meeting is not convened within 14 days, the relevant members have the right to convene it themselves;

13.5.3. Enige lid van die Partyrraad wat sonder voorafverkreë toestemming van die Provinsiale Voorsitter of Ondervoorsitter of sonder kondonasie van afwesigheid daarna, twee agtereenvolgende vergaderings van die Partyraad nie bywoon nie, hou *ipso facto* op om lid van die Partyraad te wees;

13.5.4. ʻn Meerderheid van die lede is ʻn kworum;

13.5.5. In afwesigheid van die Voorsitter van die Partyraad, is die Ondervoorsitter van die Partyraad die voorsitter van die vergadering;

13.5.6. In afwesigheid van die beide die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Partyaad, kies die Partyraad ʻn voorsitter vir die vergadering.

13.6. DIE LEIER VAN DIE PROVINSIE

13.6.1. Aan die hoof van die Vryheidsfront Plus in die Provinsie staan die Provinsiale Leier, met die volgende pligte en verantwoordelikehede:

13.6.1.1. Wanneer die Partyraad of die Provinsiale Dagbestuur nie in sitting is nie, is die Provinsiale Leier, in oorleg met die Provinsiale Voorsitter en Provinsiale Ondervoorsitter, met die volle gesag en mag van die Partyraad beklee om behoudens die Beleid soos deur die Federale Raad aanvaar, met betrekking tot dringende aangeleenthede namens die Partyraad te besluit en op te tree, onderworpe daaraan dat van sodanige besluite en optredes aan die eersvolgende provinsiale dagbestuursvergadering verslag gedoen word;

13.6.1.2. Die Provinsiale Leier tree op as voorsitter van die Provinsiale Dagbestuur;

13.5.3. Any member of the Party Council who, without prior permission from the Provincial Chairperson or the Deputy Chairperson, or without subsequent condonation of absence, fails to attend two consecutive meetings of the Party Council, automatically ceases to be a member of the Party Council.

13.5.4. A majority of the members constitutes a quorum.

13.5.5. In the absence of the Chairperson of the Party Council, the Deputy Chairperson of the Party Council chairs the meeting.

13.5.6. In the absence of both the Chairperson and Deputy Chairperson of the Party Council, the Party Council elects a chairperson for the meeting.

13.6. THE LEADER OF THE PROVINCE

13.6.1. The Provincil Leader of the Freedom Front Plus in serves as the head in the Province, with the following duties and responsibilities:

13.6.1.1. When the Party Council or the Provincial Management is not in session, the Provincial Leader, in consultation with the Provincial Chairperson and Deputy Chairperson, is vested with the full authority and power of the Party Council to act and make decisions on urgent matters on behalf of the Party Council, subject to the policies adopted by the Federal Council. These decisions and actions must be reported to the next Provincial Management meeting;

13.6.1.2. The Provincial Leader serves as the Chairperson of the Provincial Management.

13.6.1.3. Moet seker maak dat alle vergaderings van die Provinsiale Dagbestuur doeltreffend beplan word, volgens die reëls van die Party uitgevoer word en dat sake op 'n ordelike wyse hanteer word;

13.6.1.4. Moet toesien dat alle besluite van die Provinsiale Dagbestuur geïmplementeer word.

13.6.2. Die Provinsiale Leier is kragtens artikel 9.1.2. 'n Lid van die Federale Dagbestuur.

13.7. DIE VOORSITTER VAN DIE PARTYRAAD

13.7.1. Die Voorsitter van die Partyraad het die volgende pligte en verantwoordelikhede:

13.7.1.1. Die ontwikkeling en handhawing van 'n hoë graad van doeltreffendheid in die organisasie van die Party;

13.7.1.2. Om konstruktiewe besprekings gedurende Partyraad- vergaderings te bevorder en toe te sien dat ingeligte besluite by hierdie vergaderings geneem word;

13.7.1.3. Om seker te maak dat alle vergaderings van die Partyraad doeltreffend beplan word, volgens die reëls van die Party uitgevoer word en dat sake op 'n ordelike wyse hanteer word;

13.7.1.4. Moet toesien dat alle besluite van die Partyraad geïmplementeer word;

13.7.1.5. Enige ander verantwoordelikheid wat van tyd tot tyd deur die Partyraad aan hom gedelegeer is.

13.7.2. Die Voorsitter neem waar as Provinsiale Leier in die volgende gevalle:

13.7.2.1. Wanneer die Provinsiale Leier in die buiteland is;

13.6.1.3. Must ensure that all meetings of the Provincial Management are effectively planned, conducted according to the Party's rules, and that matters are addressed in an orderly manner;

13.6.1.4. Must see to it that all the decisions of the Provincial Management are implemented.

13.6.2. The Provincial Leader is, by virtue of Article 9.1.2, a member of the Federal Management.

13.7. THE CHAIRPERSON OF THE PARTY COUNCIL

13.7.1. The Chairperson of the Party Council has the following duties and responsibilities:

13.7.1.1. To develop and maintain a high degree of efficiency in the organisation of the Party;

13.7.1.2. To promote constructive discussions during Party Council meetings and ensure informed decisions are made at these meetings;

13.7.1.3. To ensure that all meetings of the Party Council are effectively planned, conducted according to the Party's rules, and that matters are addressed in an orderly manner.

13.7.1.4. Must see to it that all of the decisions of the Party Council are implemented;

13.7.1.5. Any other responsibility delegated to him by the Party Council from time to time.

13.7.2. The Chairperson acts as Provincial Leader in the following circumstances:

13.7.2.1. When the Provincial Leader is abroad;

13.7.2.2. Wanneer die Provinsiale Leier na die mening van die Uitvoerende Dagbestuur, Federale Dagbestuur of Partyraad, vanweë siekte en aanverwante oorsake van siekte, nie in staat is om sy pligte as Provinsiale Leier na te kom nie, vir so lank as wat dit na die mening van die Uitvoerende Dagbestuur, Federale Dagbestuur of Partyraad die geval is;

13.7.2.3. Indien die Provinsiale Leier tot sterwe sou kom, of bedank, totdat 'n ander Provinsiale Leier verkies is;

13.7.3. Die Provinsiale Voorsitter is beklee met die bevoegdheid van die Provinsiale Leier solank as wat hy as Provinsiale Leier waarneem.

13.8. DIE ONDERVOORSITTER VAN DIE PARTYRAAD

13.8.1. Die Ondervoorsitter van die Partyraad het die volgende verantwoordelikhede:

13.8.1.1. Bied ondersteuning aan die Provinsiale Voorsitter van die Provinsie in die uitvoering van sy pligte;

13.8.1.2. Sien toe dat alle komitees van die Partyraad funksioneel is en gereeld vergader;

13.8.1.3. Verseker dat die komitees van die Partyraad verslag doen van hul werksaamhede aan die Partyraad en Provinsiale Dagbestuur;

13.8.1.4. Enige ander verantwoordelikheid wat van tyd tot tyd deur die Partyraad aan hom gedelegeer is.

13.8.2. Die Provinsiale Ondervoorsitter neem waar as Provinsiale Voorsitter in die volgende gevalle:

13.8.2.1. Wanneer die Provinsiale Voorsitter in die buiteland is;

13.7.2.2. When the Provincial Leader, in the opinion of the Executive Management, Federal Management, or Party Council, is due to illness or related causes unable to fulfil his duties as Provincial Leader, for as long as the Executive Management, Federal Management, or Party Council deems this to be the case;

13.7.2.3. If the Provincial Leader passes away or resigns, until a new Provincial Leader is elected;

13.7.3. The Provincial Chairperson is vested with the powers of the Provincial Leader for as long as they act in this capacity.

13.8. DEPUTY CHAIRPERSON OF THE PARTY COUNCIL

13.8.1. The Deputy Chairperson of the Party Council has the following duties and responsibilities:

13.8.1.1. Provide support to the Provincial Chairman of the Province in the performance of his duties;

13.8.1.2. See that all committees of the Party Council are functional and meet regularly;

13.8.1.3. Ensure that the committees of the Party Council report on their activities to the Party Council and Provincial Management;

13.8.1.4. Any other responsibility delegated to him by the Party Council from time to time.

13.8.2. The Provincial Deputy Chairperson acts as Provincial Chairperson in the following circumstances:

13.8.2.1. When the Provincial Leader is abroad;

13.8.2.2. Wanneer die Provinsiale Voorsitter na die mening van die Provinsiale Dagbestuur, vanweë siekte en aanverwante oorsake van siekte, nie in staat is om sy pligte as Provinsiale Voorsitter na te kom nie, vir so lank as wat dit na die mening van die Provinsiale Dagbestuur die geval is;

13.8.2.3. Indien die Provinsiale Voorsitter tot sterwe sou kom, of bedank, totdat 'n ander Provinsiale Voorsitter verkies is;

13.8.3. Die Provinsiale Ondervoorsitter is beklee met die bevoegdheid van die Provinsiale Voorsitter solank as wat hy as Provinsiale Voorsitter waarneem.

13.9. PROVINSIALE KOMITEES

Elke Provinsiale Partyraad kan uit sy lede die volgende soortgelyke komitees as die Federale Raad instel indien die Partyraad dit nodig ag. Sodanige komitee se Voorsitter en vier lede word deur die Partyraad verkies:

13.9.1. REGSKOMITEE

Die Regskomitee adviseer die Partyraad en alle ander strukture van die Provinsie ten opsigte van enige interne en eksterne regsaangeleenthede waarby die Party betrokke mag wees. Die komitee adviseer ook strukture oor die prosesse rakende interne dissiplinêre aangeleenthede en verrig alle ander take soos deur die Partyraad en/of Provinsiale Dagbestuur van tyd tot tyd versoek;

13.9.2. NAVORSINGSKOMITEE

Die Provinsiale Navorsingskomitee is getaak om op wetenskaplike gronde sake soos deur die Partyraad versoek, te ondersoek en om studiestukke voor te berei waaruit gesaghebbende standpunte geformuleer kan word.

13.8.2.2. When the Provincial Chairperson, in the opinion of the Provincial Management, is due to illness or related causes unable to fulfil his duties as Provincial Chairperson, for as long as the Provincial Management deems this to be the case;

13.8.2.3. If the Provincial Chairperson passes away or resigns, until a new Provincial Chairperson is elected;

13.8.3. The Provincial Chairperson is vested with the powers of the Provincial Leader for as long as they act in this capacity.

13.9. PROVINCIAL COMMITEES

Each Provincial Party Council may establish similar committees to those of the Federal Council, from among its members, if deemed necessary. The Chairperson and four members of such a committee are elected by the Party Council:

13.9.1. LEGAL COMMITTEE

The Legal Committee advises the Party Council and all other structures in the Province on any internal and external legal matters that may involve the Party. The committee also provides guidance on processes related to internal disciplinary matters and undertakes any other tasks as requested by the Party Council and/or Provincial Management from time to time;

13.9.2. RESEARCH COMMITTEE

The Provincial Research Committee is tasked with investigating issues on a scientific basis, any matters as requested by the Party Council. The committee prepares study documents from which authoritative positions can be formulated;

13.9.3. FINANSIËLE KOMITEE

Die Provinsiale Finansiële Komitee doen verslag aan die Partyraad oor die Party se finansies en bestuur daarvan. Die komitee is verantwoordelik vir die beplanning en insameling van provinsiale fondse vir die Vryheidsfront Plus;

13.9.4. STRATEGIEKOMITEE

Die Provinsiale Strategiekomitee adviseer die Partyraad oor die Vryheidsfront Plus se strategiese opsies. Die komitee is verantwoordelik vir die ontwikkeling van provinsiale kwessie-gedrewe strategiese veldtogte en adviseer Streke oor streeks- en munisipale veldtogte;

13.9.5. ORGANISATORIESE- EN ADMINISTRASIE KOMITEE

Die Provinsiale Organisatoriese- en Administratiewe komitee is verantwoordelik vir die organisatoriese onderbou van die Vryheidsfront Plus kragtens die Organisatoriese Reglement. Die Komitee is in oorleg met Streeksleiers en Streeksameroepers verantwoordelik vir die oorhoofse koördinering van tak- en streeksprogramme, aksies en ledewerwing;

13.9.6. INLIGTING- EN BEMARKINGSKOMITEE

Die Provinsiale Inligtings- en Bemarkingskomitee adviseer die Partyraad oor en is verantwoordelik vir die skep en implementering van die Vryheidsfront Plus se inligtings- en bemarkingsprogram in die Provinsie;

13.9.7. PLAASLIKE REGERINGSKOMITEE

Die Provinsiale Plaaslike Regeringskomitee adviseer die Partyraad oor en is verantwoordelik vir die koördinering van alle plaaslike regerings- aangeleenthede;

13.9.3. FINANCIAL COMMITTEE

The Provincial Financial Committee reports to the Party Council on the Party's finances and their management. The committee is responsible for planning and collecting provincial funds for the Freedom Front Plus;

13.9.4. STRATEGY COMMITTEE

The Provincial Strategy Committee advises the Party Council on the Freedom Front Plus's strategic options. The committee is responsible for developing issue-driven strategic campaigns at the provincial level and advising regions on regional and municipal campaigns;

13.9.5. ORGANISATIONAL AND ADMINISTRATION COMMITTEE

The Provincial Organisational and Administration Committee is responsible for the organisational foundation of the Freedom Front Plus, in accordance with the Organisational Regulations. The committee, in consultation with Regional Leaders and Regional Conveners, is responsible for the overall coordination of branch and regional programs, actions, and membership recruitment;

13.9.6. INFORMATION AND MARKETING COMMITTEE

The Provincial Information and Marketing Committee advises the Federal Council and is responsible for creating and implementing the Freedom Front Plus's information and marketing program in the Province;

13.9.7. LOCAL GOVERNMENT COMMITTEE

The Provincial Local Government Committee advises the Party Council and is responsible for coordinating all local government matters;

13.9.8. VROUE-AANGELEENTHEDE

Die Provinsiale Vroue-aangeleenthede-komitee bevorder politieke betrokkenheid van vroue en dien ook as die Vryheidsfront Plus se skakel met ander vroue-organisasies en owerheidsprojekte wat gemik is op die bevordering van deelname en bemagtiging van vroue.

13.10. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN PROVINSIALE PARTYRADE

13.10.1. Provinsiale Partyrade kan na goeddunke 'n Provinsiale Kongres hou om:

13.10.1.1. Sake van provinsiale belang te bespreek;

13.10.1.2. Aanbevelings oor beleid, strategie en administrasie of enige ander saak wat die Kongres goedkeur, aan die Federale Raad te maak;

13.10.1.3. Verslag te doen aan die Provinsie oor die werksaamhede van die Provinsiale Partyraad en sy komitees;

13.10.2. Die Provinsiale Partyraad moet sorg dat Takke in die provinsie gestig word en toesien dat alle Lede, Takke, Streke, en die Provinsiale Partyraad by Federale Hoofkantoor geregistreer word;

13.10.3. In die afwesigheid van 'n Streeksraad, moet die Provinsiale Partyraad nuut gestigte Takke goed- of afkeur;

13.10.4. Elke Provinsiale Partyraad moet alle sake in verband met die benoeming van kandidate vir stadsrade soos vasgestel in die verkiesingsprosedure, waarneem. Die Provinsiale Partyraad kan dan, nadat oor die nominasieprosedure besluit is, aan sy Takke en Lede met betrekking tot die persone wat hulle as kandidate aanbeveel, leiding gee;

13.9.8. WOMEN'S AFFAIRS COMMITTEE

The Provincial Women's Affairs Committee promotes political involvement of women and serves as the Freedom Front Plus's liaison with other women's organisations and government initiatives aimed at encouraging participation and empowerment of women.

13.10. DUTIES AND FUNCTIONS OF PROVINCIAL PARTY COUNCILS

13.10.1. Provincial Party Councils may, at their discretion, hold a Provincial Congress to:

13.10.1.1. Discuss matters of importance to the Province;

13.10.1.2. Make recommendations to the Federal Council regarding policy, strategy and administration or any other matter that is approved by Congress;

13.10.1.3. Report to the Province about the Provincial Party Council's activities and its Committees;

13.10.2. The Provincial Party Council must see to it that Branches are established in the province and must ensure that all Members, Branches and the Provincial Party Council is registered with the Federal Head Office;

13.10.3. In the absence of Regional Councils, the Provincial Party Council must approve or reject newly founded Branches;

13.10.4. The Provincial Party Council must oversee all matters relating to the nomination and appointment of candidates for city councils as determined by the election procedure. The Provincial Party Council can then, after deciding on the appropriate nomination procedure, offer guidance to its Branches and members with regard to the persons who they recommended as candidates;

13.10.5. Elke Provinsiale Partyraad moet die belange van die Party in sy provinsie deeglik behartig in oorleg met die Streeksbesture of Takbesture (vir Provinsies wat nie die Volle Streeksmodel volg nie);

13.10.6. Elke Provinsiale Partyraad moet sodanige pligte vervul en sodanige werk verrig as wat die Grondwet en die Federale Raad mag bepaal;

13.10.7. Die Provinsiale Partyraad is verantwoordelik vir die organisasie, fondsinsameling en uitbouing van die Party in die Provinsie;

13.10.8. Fondse en bates van 'n Provinsie is die onvervreembare eiendom van die Party en mag nie vervreem of vir ander doeleindes as die Missie en Beleid van die Vryheidsfront Plus aangewend word nie;

13.10.9. Provinsies kan huishoudelike reëls opstel, mits sodanige reëls nie in stryd is met die Party se Grondwet of Reglemente nie.

13.10.5. The Provincial Party Council must thoroughly attend to the affairs of the Party in its province in consultation with the Regional Managements Branch Managements (for Provinces not following the Full Regional model);

13.10.6. Every Provincial Party Council must perform all such duties and do all such work as may be determined by the Constitution and the Provincial Party Council;

13.10.7. The Provincial Party Council is responsible for the organisation, collection of funds, propaganda and the promotion of the Party in the Province;

13.10.8. Funds and assets of a Province are the inalienable property of the Party and may not be alienated or used for purposes other than the Mission and Policy of the Freedom Front Plus

13.10.9. Provinces can draw up domestic rules, provided that such rules do not conflict with the Party's Constitution or Regulations.

## 14. ARTIKEL 14: DAGBESTUUR VAN DIE PROVINSIALE PARTYRAAD (PROVINSIALE DAGBESTUUR)

14.1. Die Provinsiale Partyraad moet by sy reorganisasie uit sy lede 'n Provinsiale Dagbestuur in term van die spesifieke Provinsiale- en Streeksmodel wat die Provinsie volg, saamstel:

14.1.1. VOLLE STREEKSMODEL

'n Provinsie wat die Volle Streeksmodel volg:

14.1.1.1. 'n Provinsiale Leier wat optree as Voorsitter van die Provinsiale Dagbestuur;

14.1.1.2. 'n Provinsiale Voorsitter wat optree as Voorsitter van die Partyraad;

14.1.1.3. 'n Provinsiale Ondervoorsitter wat optree as Ondervoorsitter van die Partyraad;

14.1.1.4. Alle lede van die Nasionale Vergadering, Nasionale Raad van Provinsies en die Provinsiale Wetgewer/Parlement wat in die Provinsie woonagtig is;

14.1.1.5. Die Streeksleier van elke Aktiewe Streek in die Provinsie;

14.1.1.6. Een addisionele verteenwoordiger per Aktiewe Streek in die Provinsie soos verkies deur die onderskeie Streeksrade;

14.1.1.7. Twee Jeuglede soos aangewys deur die Jeugraad in die Provinsie.

14.1.2. GEDEELTELIKE STREEKSMODEL:

'n Provinsie wat die Gedeeltelike Streeksmodel volg:

## 14. ARTICLE 14: MANAGEMENT OF THE PROVINCIAL PARTY COUNCIL (PROVINCIAL MANAGEMENT)

14.1. The Provincial Party Council must during reorganisation, establish a Provincial Management from among its members based on the specific Provincial and Regional model adopted by the Province:

14.1.1. FULL REGIONAL MODEL

A province following the Full Regional Model:

14.1.1.1. A Provincial Leader who acts as Chairperson of the Provincial Management;

14.1.1.2. A Provincial Chairperson who acts as Chairperson of the Party Council;

14.1.1.3. A Provincial Deputy Chairperson who acts as Deputy Chairperson of the Party Council;

14.1.1.4. All members of the National Assembly, National Council of Provinces, and Provincial Legislature/Parliament residing in the Province;

14.1.1.5. The Regional Leader of each active region in the Province;

14.1.1.6. One additional representative per active region in the Province as elected by the respective Regional Councils;

14.1.1.7. Two youth members as designated by the Provincial Youth Council.

14.1.2. PARTIAL REGIONAL MODEL

A province following the Partial Regional Model:

14.1.2.1. ‘n Provinsiale Leier wat optree as Voorsitter van die Provinsiale Dagbestuur;

14.1.2.2. ‘n Provinsiale Voorsitter wat optree as Voorsitter van die Partyraad;

14.1.2.3. ‘n Provinsiale Ondervoorsitter wat optree as Ondervoorsitter van die Partyraad;

14.1.2.4. Alle lede van die Nasionale Vergadering, Nasionale Raad van Provinsies en die Provinsiale Wetgewer/Parlement wat in die Provinsie woonagtig is;

14.1.2.5. Die Streeksvoorsitter van elke Aktiewe Streek in die Provinsie;

14.1.2.6. Soveel addisionele lede op die Provinsiale Dagbestuur as wat die Provinsiale Partyraad mag besluit tot ‘n maksimum van sewe lede;

14.1.2.7. Twee Jeuglede soos aangewys deur die Jeugraad in die Provinsie.

14.1.3. INFORMELE STREEKSMODEL

‘n Provinsie wat die Informele Streeksmodel volg:

14.1.3.1. ‘n Provinsiale Leier wat optree as Voorsitter van die Provinsiale Dagbestuur;

14.1.3.2. ‘n Provinsiale Voorsitter wat optree as Voorsitter van die Partyraad;

14.1.3.3. ‘n Provinsiale Ondervoorsitter wat optree as Ondervoorsitter van die Partyraad.

14.1.2.1. A Provincial Leader who acts as Chairperson of the Provincial Management;

14.1.2.2. A Provincial Chairperson who acts as Chairperson of the Party Council;

14.1.2.3. A Provincial Deputy Chairperson who acts as Deputy Chairperson of the Party Council;

14.1.2.4. All members of the National Assembly, National Council of Provinces, and Provincial Legislature/Parliament residing in the Province;

14.1.2.5. The Regional Chairperson of each active region in the Province;

14.1.2.6. As many additional members to the Provincial Management as decided by the Provincial Party Council, up to a maximum of seven members;

14.1.2.7. Two youth members as designated by the Provincial Youth Council.;

14.1.3. INFORMAL REGIONAL MODEL

A province following the Informal Regional Model:

14.1.3.1. A Provincial Leader who acts as Chairperson of the Provincial Management;

14.1.3.2. A Provincial Chairperson who acts as Chairperson of the Party Council;

14.1.3.3. A Provincial Deputy Chairperson who acts as Deputy Chairperson of the Party Council;

14.1.3.4. Alle lede van die Nasionale Vergadering, Nasionale Raad van Provinsies en die Provinsiale Wetgewer/Parlement wat in die Provinsie woonagtig is;

14.1.3.5. Soveel addisionele lede op die Provinsiale Dagbestuur as wat die Provinsiale Partyraad mag besluit tot 'n maksimum van tien lede;

14.1.3.6. Twee jeuglede soos aangewys deur die Jeugraad in die Provinsie.

14.2. BEVOEGDHEDE VAN DIE PROVINSIALE DAGBESTUUR

14.2.1. Die Provinsiale Dagbestuur beskik oor die bevoegdhede van die Provinsiale Partyraad wanneer laasgenoemde nie in sitting is nie;

14.2.2. Die Provinsiale Dagbestuur stel sodanige amptenare aan as wat hy mag nodig ag en kan bekostig. Die posomskrywing van die provinsiale amptenare word van tyd tot tyd deur die Provinsiale Dagbestuur bepaal;

14.2.3. 'n Provinsiale Dagbestuur kan weier om 'n persoon wat aansoek om lidmaatskap van die Party doen, as Lid toe te laat onderworpe aan die reg van appèl binne veertien dae deur so 'n persoon na die Provinsiale Partyraad.

14.3. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN PROVINSIALE DAGBESTURE

14.3.1. Die Provinsiale Dagbestuur is gemoeid met die dag tot dag funksionering van die Vryheidsfront Plus in die Provinsie en doen verslag aan die Provinsiale Partyraad oor sy werksaamhede;

14.3.2. Om die belange van die Party in oorleg met die Provinsiale Partyraad in sy Provinsie te behartig;

14.3.3. Gereeld nuwe lede te werf en andersdenkendes in te lig;

14.1.3.4. All members of the National Assembly, National Council of Provinces, and Provincial Legislature/Parliament residing in the Province;

14.1.3.5. As many additional members to the Provincial Management as decided by the Provincial Party Council, up to a maximum of ten members;

14.1.3.6. Two youth members as designated by the Provincial Youth Council.

14.2. POWERS OF THE PROVINCIAL MANAGEMENT

14.2.1. The Provincial Management exercises the powers of the Provincial Party Council when the latter is not in session;

14.2.2. The Provincial Management appoints such officials as it may deem necessary and that it can afford. The job descriptions of the provincial officials are determined by the Provincial Management from time to time;

14.2.3. The Provincial Management may refuse to admit a person applying for Party membership, subject to the right of appeal by such a person to the Provincial Party Council within fourteen days.

14.3. DUTIES AND RESPONSIBILITIES OF PROVINCIAL MANAGEMENT

14.3.1. The Provincial Management is responsible for the day-to-day functioning of the Freedom Front Plus in the Province and reports to the Provincial Party Council on its activities;

14.3.2. To manage the interests of the Party in consultation with the Provincial Party Council within its Province.

14.3.3. To actively recruit new members and engage with those holding differing opinion;

14.3.4. ‘n Lys van Lede te hou, wat behoorlik en gereeld aangesuiwer moet word deur die name van persone wat nie meer vir lidmaatskap van die Provinsie kwalifiseer nie, daarop te verwyder en die name van nuwe Lede by te voeg;

14.3.4. To maintain a list of members, ensuring it is properly and regularly updated by removing the names of individuals no longer qualifying for membership in the Province and adding the names of new members;

14.3.5. Deurlopend nuwe aansoeke om lidmaatskap te oorweeg en goedgekeurde aansoeke aan die Provinsiale Kantoor beskikbaar te stel;

14.3.5. To continuously considering new applications for membership and making approved applications available to the Provincial Office;

14.3.6. Te sorg dat die verpligtinge van die Provinsie soos hierin bepaal, stiptelik nagekom word;

14.3.6. To ensure the obligations of the Province, as outlined herein, are promptly fulfilled;

14.3.7. Alles in hulle vermoë te doen om verkiesings vir die Party te wen en die Partykandidate kragtig by te staan;

14.3.7. To do everything within their power to secure electoral victories for the Party and to actively support Party candidates.

14.3.8. Skriftelike notules hou van die besluite van die Provinsie;

14.3.8. To keep written minutes of the decisions made by the Province.

14.3.9. Te sorg dat die name en adresse van ampsdraers en Federale Raad-afgevaardigdes wat by die reorganisasievergadering gekies of herkies is, binne veertien dae aan die Federale Kantoor beskikbaar gestel word.

14.3.9. To ensure that the names and addresses of office-bearers and Federal Council delegates elected or re-elected at the reorganisation meeting are made available to the Federal Office within fourteen days.

14.4. VERGADERINGS VAN DIE PROVINSIALE DAGBESTUUR

14.4. MEETINGS OF THE PROVINCIAL MANAGEMENT

14.4.1. Die Provinsiale Dagbestuur vergader so dikwels as wat hyself, die Provinsiale Partyraad of Provinsial Leier besluit;

14.4.1. The Provincial Management convenes a meeting as often as it, the Provincial Party Council or Provincial Leader determines;

14.4.2. Wanneer minstens 33% van die lede van die Provinsiale Dagbestuur met vermelding van hulle name en ‘n agenda skriftelik daarom vra, moet ‘n vergadering van die Provinsiale Dagbestuur gehou word. Indien dit nie binne veertien dae gedoen word nie, het die lede die reg om self die vergadering te belê;

14.4.2. When at least 33% of the members of the Provincial Management request a meeting in writing, explicitly stating the members’ names and an agenda, such a meeting must be convened. If a meeting is not convened within 14 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

14.4.3. ‘n Meerderheid van die lede van die Provinsiale Dagbestuur is ‘n kworum;

14.4.3. A majority of the members of the Provincial Management constitutes a quorum;

14.4.4. Wanneer die Provinsiale Partyraad nie in sitting is nie, oefen die Provinsiale Dagbestuur sy bevoegdhede uit.

14.4.4. When the Provincial Party Council is not in session, the Provincial Management exercises its powers.

## 15. ARTIKEL 15: STREEKRADE

15.1. STREEKSINDELING

15.1.1. Die Vryheidsfront Plus se provinsies word almal kragtens die Organisatoriese Reglement in streke verdeel waarvan die grense bepaal is deur die afbakening van Metro- en Distrikmunisipaliteite;

15.1.2. Provinsiale Partyrade wat dit verkies, kan tradisionele- of beskrywende name vir streke gebruik;

15.1.3. Elke Provinsie se Streke word saamgestel gebaseer op die Provinsiale- en Streeksmodel wat die Provinsiale Partyraad aanvaar het in gevolge die Organisatoriese Reglement.

15.2. SAMESTELLING VAN STREEKSRADE

15.2.1. VOLLE STREEKSMODEL:

Die Streeksrade van 'n Provinsie wat verkies het om die Volle Streeksmodel te volg, word soos volg saamgestel:

15.2.1.1. Die Leier van die Streek verkies deur die Streeksraad;

15.2.1.2. Die Voorsitter van die Streek verkies deur die Streeksraad;

15.2.1.3. Die Ondervoorsitter van die Streek verkies deur die Streeksraad;

15.2.1.4. Alle lede van die Nasionale Vergadering, Nasionale Raad van Provinsies en die Provinsiale Wetgewer/Parlement en alle Munisipale Raadslede wat in die Streek woonagtig is;

15.2.1.5. Drie afgevaardigdes van elke Aktiewe Tak of hul *secundi* soos deur die betrokke Tak aangewys;

## 15. ARTICLE 15: REGIONAL COUNCILS

15.1. ORGANISATION OF REGIONS

15.1.1. The Freedom Front Plus's provinces are divided into regions in accordance with the Organisational Regulations. The boundaries of these regions are determined by the demarcation of Metropolitan and District Municipalities;

15.1.2. Provincial Party councils that choose to do so may use traditional or descriptive names for regions;

15.1.3. Each province's regions are structured based on the Provincial and Regional Model adopted by the Provincial Party Council in accordance with the Organisational Regulations.

15.2. COMPOSITION OF REGIONAL COUNCILS

15.2.1. FULL REGIONAL MODEL

The Regional Councils of a Province that has chosen to follow the Full Regional Model are composed as follows:

15.2.1.1. The Regional Leader, elected by the Regional Council;

15.2.1.2. The Regional Chairperson, elected by the Regional Council;

15.2.1.3. The Regional Deputy Chairperson, elected by the Regional Council;

15.2.1.4. All members of the National Assembly, National Council of Provinces, Provincial Legislature/Parliament, and all municipal councillors residing in the Region;

15.2.1.5. Three delegates from each active branch or their *secundi* as designated by the relevant branch;

15.2.1.6. Soveel verteenwoordigers van elke ondersteunersgroep of hulle *secundi* as waarnemers soos wat elke Provinsiale Partyraad self vasstel;

15.2.2. GEDEELTELIKE STREEKSMODEL

Die Streeksrade van 'n Provinsie wat verkies het om die Gedeeltelike Streeksmodel te volg, word soos volg saamgestel:

15.2.2.1. Die Voorsitter verkies deur die Streeksraad wat ook optree as Voorsitter van die Streeksraad;

15.2.2.2. Alle lede van die Nasionale Vergadering, Nasionale Raad van Provinsies en die Provinsiale Wetgewer/Parlement en alle Munisipale Raadslede wat in die Streek woonagtig is;

15.2.2.3. Drie afgevaardigdes van elke Aktiewe Tak of hul *secundi* soos deur die betrokke Tak aangewys;

15.2.2.4. Soveel verteenwoordigers van elke ondersteunersgroep of hulle *secundi* as waarnemers soos wat elke Provinsiale Partyraad self vasstel.

15.2.3. INFORMELE STREEKMODEL

Geen Streeksrade word vir 'n Provinsie wat verkies het om die Informele Streeksmodel te volg, saamgestel nie. Provinsiale Raad-afgevaardigdes van elke Streek verkies 'n Streekssameroeper vanuit eie geledere.

15.3. REORGANISASIE VAN STREEKSRADE

15.3.1. Takke wat nie voor die afsny datum soos deur die Federale Raad bepaal is gereorganiseer is nie, sal nie stemreg op die streekreorganisasievergadering hê of op enige daaropvolgende streeksvergadering vir solank hulle nie gereorganiseer is nie;

15.2.1.6. Representatives from each support group or their *secundi*, acting as observers, as determined by the Provincial Party Council.

15.2.2. PARTIAL REGIONAL MODEL

The Regional Councils of a Province that has chosen to follow the Partial Regional Model are composed as follows:

15.2.2.1. The Chairperson, elected by the Regional Council, who also serves as Chairperson of the Regional Council;

15.2.2.2. All members of the National Assembly, National Council of Provinces, Provincial Legislature/ Parliament, and all municipal councillors residing in the Region;

15.2.2.3. Three delegates from each Active Branch or their *secundi* as designated by the relevant Branch;

15.2.2.4. Representatives from each support group or their *secundi*, acting as observers, as determined by the Provincial Party Council.

15.2.3. INFORMAL REGIONAL MODEL

No regional councils are established for a province that has chosen to follow the Informal Regional Model. Provincial Council delegates from each region elect a Regional Coordinator from among themselves.

15.3. REORGANISATION OF REGIONAL COUNCILS

15.3.1. Branches that have not been reorganised by the deadline determined by the Federal Council will not have voting rights at the regional reorganisation meeting or any subsequent regional meeting until they are reorganised;

15.3.2. Slegs 'n Streeksraad wat kragtens die Volle Streeksmodel saamgestel is, kies uit sy lede 'n Dagbestuur.

15.3.2. Only a Regional Council established under the Full Regional Model may elect an Management from its members.

15.4. BEVOEGDHEDE VAN STREEKSRADE

15.4. POWERS OF REGIONAL COUNCILS

15.4.1. 'n Streeksraad is die hoogste gesag van die Streek en reël die organisasie en administrasie in die Streek;

15.4.1. A Regional Council is the highest authority in the region and manages the organisation and administration within the Region;

15.4.2. In oorleg met die Provinsiale Dagbestuur kan elke Streeksraad vanuit sy lede dieselfde komitees as die Provinsiale Partyraad instel indien die Streeksraad dit nodig ag. Sodanige komitee se Voorsitter en vier lede word deur die Streeksraad verkies.

15.4.2. In consultation with the Provincial Management, each Regional Council may establish committees similar to those of the Provincial Party Council if deemed necessary. The Chairperson and four members of such a committee are elected by the Regional Council.

15.4.3. 'n Streeksraad, sy Dagbestuur, die Streeksleier of Streeksvoorsitter kan 'n vergadering van 'n Takbestuur belê.

15.4.3. A Regional Council, its Management, the Regional Leader, or the Regional Chairperson may convene a meeting of a Branch Management.

15.4.4. Streeksrade moet alle sake in verband met verkiesings in die Streek reël, hetsy nasionaal, provinsiaal of plaaslik;

15.4.4. Regional Councils must organise all election-related matters in the Region, whether national, provincial, or local.

15.4.5. Streeksrade moet toesien dat die prosedure vir die aanwysing van kandidate soos deur die Federale Raad bepaal, nougeset nagekom word;

15.4.5. Regional Councils must ensure strict adherence to the candidate nomination procedure as determined by the Federal Council.

15.4.6. Streekrade kan van tyd tot tyd komitees of werksgroepe benoem om die Streeksraad behulpsaam te wees met die uitvoering van sy pligte. Sodanige komitees doen verslag aan die Streeksraad en het geen besluitnemingsbevoegdheid nie.

15.4.6. Regional Councils may appoint committees or working groups to assist with their duties. These committees report to the Regional Council and have no decision-making authority.

15.5. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN STREEKSRADE MET DIE VOLLE STREEKSMODEL

15.5. DUTIES AND FUNCTIONS OF REGIONAL COUNCILS UNDER THE FULL REGIONAL MODEL

15.5.1. Streeksrade moet vergader om:

15.5.1. Regional Councils must meet to:

15.5.1.1. Sake van streeksbelang te bespreek;

15.5.1.1. Discuss matters of regional importance;

15.5.1.2. Aanbevelings oor beleid, strategie en administrasie of enige ander saak aan die Partyraad te maak;

15.5.1.3. Verslag te doen aan die Streek en Provinsie oor die werksaamhede van die Streeksraad en sy Komitees;

15.5.2. Die Streeksraad moet sorg dat Takke in die Streek gestig word en toesien dat alle Takke by die Provinsiale kantoor geregistreer word;

15.5.3. Die Streeksraad moet nuut gestigte Takke goed- of afkeur;

15.5.4. Elke Streeksraad moet alle sake in verband met die benoeming van kandidate vir stadsrade soos vasgestel in die verkiesingsprosedure, waarneem. Die Streekraad kan dan, nadat oor die nominasieprosedure besluit is, aan sy Takke en Lede met betrekking tot die persone wat hulle as kandidate aanbeveel, leiding gee;

15.5.5. Elke Streeksraad moet die belange van die Party in sy streek deeglik behartig in oorleg met die Takbesture;

15.5.6. Elke Streeksraad moet sodanige pligte vervul en sodanige werk verrig as wat die Grondwet en die Provinsiale Partyraad mag bepaal;

15.5.7. Die Streeksraad is verantwoordelik vir die organisasie, fondsinsameling en uitbouing van die Party in die Streek;

15.5.8. Fondse en bates van 'n Streek is die onvervreembare eiendom van die Party en mag nie vervreem of vir ander doeleindes as die Missie en Beleid van die Vryheidsfront Plus aangewend word nie;

15.5.9. Die Streekraad is verantwoordelik vir die registrasie van Lede, Takke, en die Streeksraad by die Provinsiale kantoor;

15.5.1.2. Make recommendations to the Party Council regarding policy, strategy, administration, or any other matters;

15.5.1.3. Report to the region and province on the activities of the Regional Council and its committees.

15.5.2. The Regional Council must ensure the establishment of branches within the region and that all branches are registered with the Provincial Office;

15.5.3. The Regional Council must approve or reject newly established branches;

15.5.4. Each Regional Council must manage all matters related to the nomination of candidates for city councils as set out in the electoral procedure. Once the nomination procedure is decided, guidance must be provided to branches and members regarding recommended candidates;

15.5.5. Each Regional Council must thoroughly promote the Party's interests in its region in consultation with Branch Managements;

15.5.6. Each Regional Council must carry out such duties and perform such functions as may be determined by the Constitution and the Provincial Party Council;

15.5.7. The Regional Council is responsible for organising, fundraising, and expanding the Party within the region;

15.5.8. Funds and assets of a region are the inalienable property of the Party and may not be alienated or used for purposes other than the Mission and Policy of the Freedom Front Plus.

15.5.9. The Regional Council is responsible for registering members, branches, and the Regional Council with the Provincial Office;

15.5.10. Streke kan huishoudelike reëls opstel, mits sodanige reëls nie in stryd is met die Party se Grondwet of Reglemente nie;

15.6. AKTIEWE STREKE

15.6.1. 'n Aktiewe streek is 'n Streek wat:

15.6.1.1. Uit ten minste vier Aktiewe Takke bestaan;

15.6.1.2. Ten minste halfjaarliks 'n streeksraadsvergadering gehou het;

15.6.2. Indien 'n streek nie aan die vereistes van 15.6.1 voldoen nie, sal so 'n Streek as 'n onaktiewe Streek gesien word.

15.7. VERGADERINGS VAN DIE STREEKSRAAD

15.7.1. Die Streeksraad vergader so dikwels as wat hyself of die Streeksdagbestuur besluit, met dien verstande dat hy minstens drie keer per jaar moet vergader;

15.7.2. Wanneer minstens 33% van die lede van die Streeksraad of minstens 33% van die lede van die Streeksdagbestuur met vermelding van die name van die lede en 'n voorgestelde agenda, skriftelik daarvoor vra, moet 'n vergadering van die Streeksraad binne 14 dae belê word. Indien daar versuim word om die vergadering binne 14 dae te belê, het die betrokke lede die reg om dit self te belê;

15.7.3. Enige lid van die Streeksraad wat sonder voorafverkreë toestemming van die Streeksvoorsitter of Streeksondervoorsitter of sonder kondonasie van afwesigheid daarna, twee agtereenvolgende vergaderings van die Streeksraad nie bywoon nie, hou *ipso facto* op om lid van die Streeksraad te wees;

15.7.4. 'n Meerderheid van die lede is 'n kworum;

15.5.10. Regions may establish internal rules, provided such rules do not conflict with the Party's Constitution or Regulations.

15.6. ACTIVE REGIONS

15.6.1. An active region is one that:

15.6.1.1. Consists of at least four Active Branches;

15.6.1.2. Has held at least one Regional Council meeting half yearly;

15.6.2. If a region does not meet the requirements of 15.6.1, it will be considered inactive.

15.7. MEETINGS OF THE PARTY COUNCIL

15.7.1. The Regional Council meets as often as it or the Regional Managament decides, provided that it must meet at least three times a year.

15.7.2. When at least 33% of the members of the Regional Council or at least 33% of the members of the Regional Management, specifying the names of the members and a proposed agenda, request it in writing, a meeting of the Regional Council must be convened within 14 days. If the meeting is not convened within 14 days, the relevant members have the right to convene it themselves;

15.7.3. Any member of the Regional Council who, without prior permission from the Regional Chairperson or the Deputy Chairperson, or without subsequent condonation of absence, fails to attend two consecutive meetings of the Regional Council, automatically ceases to be a member of the Party Council.

15.7.4. A majority of the members constitutes a quorum.

15.7.5. In afwesigheid van die Voorsitter van die Streeksraad, is die Ondervoorsitter van die Streeksraad die voorsitter van die vergadering;

15.7.6. In afwesigheid van die beide die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Streeksraad, kies die Streeksraad 'n voorsitter vir die vergadering.

15.8. Wanneer 'n Lid van die Streeksraad, wat nie 'n *ex-officio* lid is nie, om grondige redes nie 'n vergadering kan bywoon nie, woon die behoorlike verkose *sekundus* van so 'n Lid die vergadering by.

15.7.5. In the absence of the Chairperson of the Regional Council, the Deputy Chairperson of the Regional Council chairs the meeting.

15.7.6. In the absence of both the Chairperson and Deputy Chairperson of the Regional Council, the Regional Council elects a chairperson for the meeting.

15.8. If a member of the Regional Council, who is not *an ex-officio* member, cannot attend a meeting for valid reasons, the duly elected alternate may attend the meeting in their place.

## 16. ARTIKEL 16: STREEKSDAGBESTURE

16.1. Die Streek in 'n Provinsie wat die Volle Streeksmodel volg moet ooreenkomstig artikel 15.3 reorganiseer en by sy reorganisasie uit sy lede 'n Streeksdagbestuur soos volg verkies:

16.1.1. 'n Streeksleier wat optree as Voorsitter van die Streeksdagbestuur;

16.1.2. 'n Streeksvoorsitter wat optree as Voorsitter van die Streeksraad;

16.1.3. 'n Streeks-ondervoorsitter wat optree as Ondervoorsitter van die Streeksraad;

16.1.4. Soveel addisionele lede op die Streeksdagbestuur as wat die Streeksraad mag besluit tot 'n maksimum van sewe lede;

16.1.5. Een Jeuglid soos aangewys deur die Jeugtakke in die Streek.

16.2. BEVOEGDHEDE VAN DIE STREEKSDAGBESTUUR

16.2.1. Die Streeksdagbestuur beskik oor die bevoegdhede van die Streeksraad wanneer laasgenoemde nie in sitting is nie;

16.2.2. 'n Streeksdagbestuur kan weier om 'n persoon wat aansoek om lidmaatskap van die Party doen, as Lid toe te laat onderworpe aan die reg van appèl binne veertien dae deur so 'n persoon na die Provinsiale Partyraad;

16.3. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN STREEKSBESTURE

16.3.1. Die Streeksdagbestuur is gemoeid met die dag tot dag funksionering van die Vryheidsfront Plus in die Streek en doen verslag aan die Streekspartyraad oor sy werksaamhede;

16.3.2. 'n Reorganisasie- vergadering te hou en 'n Streeksbestuur te kies;

## 16. ARTICLE 16: REGIONAL MANAGEMENT

16.1. A Region in a Province that follows the Full Regional Model must, in accordance with Article 15.3, reorganise and, during its reorganisation, elect a Regional Management from its members as follows:

16.1.1. A Regional Leader, who serves as Chairperson of the Regional Management;

16.1.2. A Regional Chairperson, who serves as Chairperson of the Regional Council;

16.1.3. A Regional Deputy Chairperson, who serves as Deputy Chairperson of the Regional Council;

16.1.4. Additional members of the Regional Management as determined by the Regional Council, up to a maximum of seven members;

16.1.5. One Youth Member as designated by the Youth Branches in the region.

16.2. POWERS OF THE REGIONAL MANAGEMENT

16.2.1. The Regional Management holds the powers of the Regional Council when the latter is not in session;

16.2.2. The Regional Management may refuse a person's application for Party membership, subject to the applicant's right to appeal to the Provincial Party Council within fourteen days.

16.3. DUTIES AND FUNCTIONS OF REGIONAL MANAGEMENTS

16.3.1. The Regional Management is responsible for the day-to-day operations of the Freedom Front Plus in the Region and reports to the Regional Party Council on its activities;

16.3.2. To convene a reorganisation meeting and elect a Regional Management;

16.3.3. Die belange van die Party in oorleg met die Streeksraad en Provinsiale Partyraad in sy Streek te behartig;

16.3.3. To promote the Party's interests in the region in consultation with the Regional Council and the Provincial Party Council.

16.3.4. 'n Lys van lede te hou, wat behoorlik en gereeld aangesuiwer moet word deur die name van persone wat nie meer vir lidmaatskap van die Streek kwalifiseer nie daarop te verwyder en die name van nuwe Lede by te voeg;

16.3.4. To maintain a membership list, which must be regularly updated by removing the names of individuals who no longer qualify for membership in the region and adding the names of new Members;

16.3.5. Gereeld nuwe lede te werf en andersdenkendes in te lig;

16.3.5. To recruit new members consistently and educate those with differing views.

16.3.6. Deurlopend nuwe aansoeke om lidmaatskap te oorweeg en goedgekeurde aansoeke aan die Provinsiale Kantoor beskikbaar te stel;

16.3.6. To continually consider new membership applications and provide approved applications to the Provincial Office;

16.3.7. Te sorg dat die verpligtinge van die Streek soos hierin bepaal, stiptelik nagekom word;

16.3.7. To ensure that the region's obligations, as set out herein, are promptly fulfilled;

16.3.8. Alles in hulle vermoë te doen om verkiesings vir die Party te wen en die Partykandidate kragtig by te staan;

16.3.8. To do everything in their power to win elections for the Party and strongly support Party candidates;

16.3.9. Skriftelike notules hou van die besluite van die Streek;

16.3.9. To keep written minutes of the region's decisions;

16.3.10. Te sorg dat die name en adresse van ampsdraers wat by die reorganisasievergadering gekies of herkies is, binne veertien dae aan die Provinsiale Kantoor beskikbaar gestel word.

16.3.10. To ensure that the names and addresses of office-bearers elected or re-elected at the reorganisation meeting are provided to the Provincial Office within fourteen days.

## 17. ARTIKEL 17: TAKKE

17.1. Takke vorm die basis van die Vryheidsfront Plus se organisasie en daarom is die voortdurende stig van Takke kragtens die Organisatoriese Reglement van die uiterste belang;

17.2. 'n Tak bestaan uit lede vanuit die plaaslike munisipaliteit waarin die Lede as kiesers geregistreer is en woon;

17.3. 'n Tak mag nie uit minder as tien Lede bestaan nie, waarvan ten minste drie Lede Aktiewe Lede moet wees;

17.4. AKTIEWE TAKKE

'n Aktiewe tak is 'n Tak wat:

17.4.1. Uit ten minste tien Lede bestaan, waarvan drie Aktiewe Lede moet wees;

17.4.2. Ten minste halfjaarliks 'n takvergadering gehou het;

17.4.3. Die jaarlikse takfooi, waarvan die bedrag deur die Federale Raad bepaal is, voor einde Maart van elke jaar betaal het;

17.4.4. Wat kragtens die Organisatoriese Reglement voor die afsnydatum gereorganiseer het.

17.5. Indien 'n tak nie aan die vereistes van 17.4 voldoen nie, sal so 'n Tak as 'n Onaktiewe Tak gesien word;

17.6. 'n Onaktiewe Tak se lede, wat nie openbare ampsdraers is nie, sal nie stemreg op enige vergadering van die Party geniet nie;

17.7. GOEDKEURING VAN TAKKE:

17.7.1. Nadat 'n Tak gestig is, moet die stigtingsdokumente binne 14 dae by die Provinsiale kantoor ingedien word;

## 17. ARTICLE 17: BRANCHES

17.1. Branches form the foundation of the Freedom Front Plus's organisation and, therefore, it is of the utmost importance to continually establish new Branches in accordance with the Organisational Regulations;

17.2. A branch consists of members from the local municipality in which the Members are registered as voters and live;

17.3. A branch may not consist of less than ten Members, of which at least three Members must be Active Members;

17.4. ACTIVE BRANCHES

An Active Branch is a branche that:

17.4.1. Composed of at least ten Members, of which three must be Active Members;

17.4.2. Have held a branch meeting at least every six months;

17.4.3. Has paid before the end of March of each year the annual branch fee, the amount of which has been determined by the Federal Council;

17.4.4. Has reorganised in terms Organisational Regulations before the cut-off date.

17.5. If a branch does not meet the requirements of 17.4, such a Branch will be seen as an Inactive Branch;

17.6. An inactive Branch's members, who are not public office bearers, will not have the right to vote at any meeting of the Party;

17.7. APPROVAL OF BRANCHES

17.7.1. After a branch is established, its founding documents must be submitted to the Provincial Office within 14 days;

17.7.2. Nadat die Provinsiale Kantoor 'n nuut gestigte Tak se stigtingsdokumente ontvang het word die relevante struktuur daarvan in kennis gestel sodat die goedkeuring van die Tak kragtens die Organisatoriese Reglement hanteer kan word.

17.7.3. Sodra 'n Tak goedgekeur is kry die Tak se verteenwoordigers, wat Aktiewe Lede moet wees, dadelik sittingsreg en stemreg op die relevante strukture en word die Tak as amptelike Tak van die Party by die Federale Hoofkantoor geregistreer;

17.7.4. Wanneer 'n Tak se stigting ingevolge artikel 17.7.3 goedgekeur is, word al die handelinge vanaf die voorafgaande stigtingsvergadering van die Tak en daarna, as handelinge van 'n Tak van die Party erken;

17.7.5. Indien 'n Tak se stigting ingevolge artikel 17.7.3 afgekeur word, is alle handelinge van sodanige stigtingsvergadering en handelinge wat daaruit voortspruit van nul en gener waarde, behoudens appèl na die Provinsiale Partyraad;

17.7.6. Enige Lid wat beswaard voel oor die stigting van 'n Tak, het die reg om binne veertien dae by die Provinsiale Partyraad appèl aan te teken.

17.8. REORGANISASIE VAN TAKKE:

17.8.1. Nadat 'n Tak gereorganiseer het, moet die reorganisasiedokumentasie binne veertien dae by die Provinsiale Kantoor ingedien word vir goedkeuring deur die relevante partystruktuur;

17.8.2. Indien 'n Tak se reorganisasie ingevolge artikel 17.8.1 afgekeur word, is alle handelinge van sodanige reorganisasievergadering en handelinge wat daaruit voortspruit van nul en gener waarde, behoudens appèl na die Provinsiale Partyraad;

17.7.2. Once the Provincial Office receives the founding documents of a newly established branch, the relevant structure is informed so that the branch's approval can be processed in terms of the Organisational Regulations;

17.7.3. Once a branch is approved, its representatives, who must be active members, immediately gain seating and voting rights in the relevant structures, and the branch is registered as an official branch of the Party at the Federal Headquarters.

17.7.4. Once a branch's establishment is approved in terms of Article 17.7.3, all actions from the initial founding meeting of the branch and thereafter are recognised as actions of a branch of the Party.

17.7.5. If a branch's establishment is rejected in terms of Article 17.7.3, all actions from such a founding meeting and those arising from it are null and void, subject to appeal to the Provincial Party Council;

17.7.6. Any member who feels aggrieved by the establishment of a branch has the right to lodge an appeal with the Provincial Party Council within fourteen days.

17.8. REORGANISATION OF BRANCHES

17.8.1. After a branch has reorganised, the reorganisation documentation must be submitted to the Provincial Office within fourteen days for approval by the relevant party structure;

17.8.2. If a branch's reorganisation is rejected in terms of Article 17.8.1, all actions from such a reorganisation meeting and those arising from it are null and void, subject to appeal to the Provincial Party Council.

17.9. Een Tak kan in twee of meer verdeel of twee of meer Takke kan amalgameer, mits die meerderheid van die aanwesige Lede daartoe besluit en met dien verstande dat sodanige besluit slegs van krag word as en sodra die Streeksraad of Provinsiale Partyraad, vir 'n Provinsie wat nie die Volle Streeksmodel geïmplementeer het nie, dit goedgekeur het en wel op sodanige voorwaardes as wat laasgenoemde wenslik ag;

17.10. 'n Tak hou op om te bestaan wanneer:

17.10.1. Sodanige Tak deur 'n meerderheidstem van Lede ontbind word, op voorwaarde dat by die vorige vergadering van die Tak kennis gegee is van 'n mosie in die verband en die ontbinding deur 'n meerdere liggaam bekragtig is;

17.10.2. Sodanige Tak deur 'n meerdere liggaam van die Party ontbind word;

17.10.3. Wanneer die Tak vir langer as 'n jaar nie voldoen aan die vereistes van 'n Aktiewe Tak nie.

17.11. BEVOEGDHEDE VAN TAKKE

17.11.1. 'n Tak reël die organisasie en administrasie in sy takgebied;

17.11.2. Die Tak moet alle sake in verband met verkiesings in die takgebied reël, hetsy nasionaal, provinsiaal of plaaslik.

17.12. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN TAKKE

17.12.1. Takke moet vergader om:

17.12.1.1. Sake van belang in die Tak se gebied bespreek.

17.12.1.2. Verslag te doen aan die Streek en Provinsie oor die werksaamhede van die Tak;

17.9. A branch may divide into two or more branches, or two or more branches may merge, provided the majority of the members present decide in favour of this, and subject to the condition that such a decision only takes effect once approved by the Regional Council or Provincial Party Council (for a province that has not implemented the Full Regional Model), on such terms as they deem appropriate.

17.10. A branch ceases to exist when:

17.10.1. The branch is dissolved by a majority vote of its members, provided notice of a motion to this effect was given at the previous branch meeting and the dissovence is been confirmed by a higher body;

17.10.2. The branch is dissolved by a higher body of the Party;

17.10.3. The branch has not met the requirements of an Active Branch for more than a year.

17.11. DUTIES AND FUNCTIONS OF BRANCHES

17.11.1. A branch manages the organisation and administration within its branch area;

17.11.2. The branch must handle all election-related matters within its branch area, whether national, provincial, or local.

17.12. DUTIES AND FUNCTIONS OF BRANCHES

17.12.1. Branches must hold meetings to:

17.12.1.1. Discuss matters of interest within the branch's area.

17.12.1.2. Report to the region and province on the branch's activities.

17.12.2. Elke Tak moet alle sake in verband met die benoeming van kandidate vir stadsrade soos vasgestel in die verkiesingsprosedure, waarneem;

17.12.3. Elke Tak moet die belange van die Party in sy takgebied deeglik behartig;

17.12.4. Die Tak is verantwoordelik vir die organisasie, fondsinsameling en uitbouing van die Party in die Tak se gebied;

17.12.5. Fondse en bates van 'n Tak is die onvervreembare eiendom van die Party en mag nie vervreem of vir ander doeleindes as die Missie en beleid van die Vryheidsfront Plus aangewend word nie;

17.12.6. Elke Tak moet kragtens die Organisatoriese Reglement reorganiseer. Takke wat nie voor die sperdatum soos deur die Federale Raad bepaal is gereorganiseer is nie, sal nie stemreg op enige struktuur van die Party hê vir solank hulle nie gereorganiseer is nie;

17.12.7. Takke kan huishoudelike reëls opstel, mits sodanige reëls nie met die Party se Grondwet in stryd is nie;

17.12.8. Takke mag beskrywingspunte vir die Provinsiale Partyraad en/of Provinsiale Kongres op 'n datum deur die Partyraad bepaal, aan die Provinsiale Partyraad voorlê;

17.12.2. Each branch must oversee all matters related to the nomination of candidates for municipal councils as outlined in the election procedure;

17.12.3. Each branch must actively promote the Party's interests in its branch area;

17.12.4. The branch is responsible for the organisation, fundraising, and expansion of the Party within its area;

17.12.5. The funds and assets of a branch are the inalienable property of the Party and may not be disposed of or used for any purpose other than the Mission and Policy of the Freedom Front Plus;

17.12.6. Each branch must reorganise in accordance with the Organisational Regulations. Branches that have not reorganised by the deadline set by the Federal Council will not have voting rights in any Party structure until they have reorganised.

17.12.7. Branches may establish internal rules, provided such rules do not conflict with the Party's Constitution;

17.12.8. Branches may submit motions for consideration by the Provincial Party Council and/or Provincial Congress on a date determined by the Party Council.

## 18. ARTIKEL 18: TAKBESTUUR

18.1. Elke Tak staan onder toesig en beheer van ‘n Takbestuur wat uit minstens drie Aktiewe Lede bestaan;

18.2. Elke Tak kies by sy reorganisasie vergadering uit die Aktiewe Lede woonagtig in sy gebied ‘n Takbestuur soos volg:

18.2.1. ‘n Voorsitter;

18.2.2. ‘n Ondervoorsitter;

18.2.3. ‘n Sekretaris;

18.2.4. Soveel addisionele lede op die Takbestuur as wat die Tak self besluit;

18.2.5. Die Tak kies soveel afgevaardigdes met *secundi,* wat aktiewe lede moet wees, soos deur die Provinsiale Partyraad bepaal na die Streeksraad of Provinsiale Partyraad, afhangende van die Streeksmodel wat die Provinsie volg;

18.2.6. Indien daar vakature(s) ontstaan, moet dit by die volgende Takvergadering gevul word;

18.3. Nadat goedkeuring van die Streeksraad of die Provinsiale Partyraad, vir ‘n provinsie wat nie die Volle Streeksmodel geïmplementeer het nie, verkry is vir die amalgamering of onderverdeling van Takke, verval die vorige Takbestuur/besture en word ‘n Takbestuur/besture by die daaropvolgende vergadering gekies;

18.4. Die bedanking van ‘n bestuurslid moet of skriftelik by die Taksekretaris of Voorsitter van die Tak of mondelings op ‘n Takbestuursvergadering geskied;

18.5. Die Lede van ‘n Tak kan met ‘n meerderheid van stemme op ‘n wettige en behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Tak, enige bestuurslid as sodanig ontslaan en iemand anders in sy plek kies, onderworpe aan ‘n reg van appèl van so ‘n lid binne veertien dae na die Provinsiale Partyraad.

## 18. ARTICLE 18: BRANCH MANAGEMENT

18.1. Each branch operates under the supervision and control of a Branch Management consisting of at least three Active Members.

18.2. At its reorganisation meeting, each branch elects a Branch Management from the Active Members residing in its area, as follows:

18.2.1. A Chairperson;

18.2.2. A Deputy Chairperson;

18.2.3. A Secretary;

18.2.4. As many additional members to the Branch Management as the Branch itself decides;

18.2.5. The branch elects as many delegates, with *secundi* who must be active members, to the Regional Council or Provincial Party Council as determined by the Provincial Party Council, depending on the regional model followed by the province;

18.2.6. In the event of a vacancy or vacancies, these must be filled at the next branch meeting.

18.3. Once approval is obtained from the Regional Council or Provincial Party Council (for a province that has not implemented the Full Regional Model) for the amalgamation or subdivision of branches, the previous Branch Management(s) cease to exist, and a new Branch Management(s) is elected at the subsequent meeting.

18.4. The resignation of a committee member must be submitted either in writing to the Branch Secretary or Chairperson or verbally at a Branch Management meeting.

18.5. The members of a branch may, by majority vote at a lawful and properly constituted branch meeting, dismiss any committee member in that capacity and elect someone else in their place, subject to the right of appeal by the dismissed member to the Provincial Party Council within fourteen days.

18.6. BEVOEGDHEDE VAN TAKBESTURE

18.6.1. Die Takbestuur beskik oor die bevoegdhede van die Tak wanneer laasgenoemde nie in sitting is nie;

18.6.2. 'n Takbestuur kan sy eie huishoudelike reëls opstel, mits hulle nie met die bepalings van hierdie Grondwet of enige Reglement bots nie.

18.7. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN TAKBESTURE

Die pligte en werksaamhede van 'n Takbestuur is om:

18.7.1. Die Takbestuur is gemoeid met die dag tot dag funksionering van die Vryheidsfront Plus in sy Takgebied en doen verslag aan die Tak oor sy werksaamhede;

18.7.2. Kragtens die Organisatoriese Reglement 'n reorganisasievergadering te hou en 'n Takbestuur te kies;

18.7.3. Die belange van die Party in oorleg met die Provinsiale Partyraad in sy Takgebied te behartig;

18.7.4. Gereeld nuwe Lede te werf en andersdenkendes in te lig;

18.7.5. 'n Lys van Taklede te hou, wat behoorlik en gereeld aangesuiwer moet word deur die name van persone wat nie meer vir lidmaatskap van die Tak kwalifiseer nie, daarop te verwyder en die name van nuwe lede by te voeg;

18.7.6. Te sorg dat die verpligtinge van die Tak soos hierin bepaal, stiptelik nagekom word;

18.7.7. Alles in hulle vermoë te doen om verkiesings vir die Party te wen en die Partykandidate kragtig by te staan;

18.7.8. Skriftelike notules hou van die besluite van die Tak.

18.6. POWERS OF BRANCH MANAGEMENT

18.6.1. The Branch Management has the powers of the branch when the branch is not in session;

18.6.2. .A Branch Management may adopt its own internal rules, provided these do not conflict with the provisions of this Constitution or any Regulations.

18.7. DUTIES AND FUNCTIONS OF BRANCH MANAGEMENTS

The duties and functions of a Branch Management include:

18.7.1. Overseeing the daily functioning of the Freedom Front Plus in its branch area and reporting to the branch on its activities;

18.7.2. Holding a reorganisation meeting and electing a Branch Management in accordance with the Organisational Regulations;

18.7.3. Promoting the Party's interests in its branch area in consultation with the Provincial Party Council;

18.7.4. Regularly recruiting new members and engaging with individuals of differing opinions;

18.7.5. Maintaining a register of branch members, which must be regularly updated by removing the names of those no longer qualifying for membership and adding the names of new members;

18.7.6. Ensuring that the branch fulfills its obligations as set out in this document.

18.7.7. Doing everything within its power to win elections for the Party and providing strong support to Party candidates;

18.7.8. Keeping written minutes of the decisions made by the branch.

## 19. ARTIKEL 19: VRYHEIDSFRONT PLUS-JEUG

19.1. GRONDSLAG

Die Vryheidsfront Plus-jeug is gegrond op dieselfde grondslag as die Vryheidsfront Plus. Alle besluite, aktiwiteite, aksies en projekte van die Jeug moet strook met die Beleid, Credo en Missie van die Vryheidsfront Plus.

19.2. DOELSTELLINGS

19.2.1. Die Vryheidsfront Plus-jeug stel die volgende ten doel:

19.2.2. Om die Missie van die Vryheidsfront Plus te bevorder;

19.2.3. Om die Afrikanerjeug, sowel as die jeug van alle ander gemeenskappe in Suid-Afrika gebind deur 'n gemeenskaplike taal- en kultuurerfenis betrokke te maak by die Vryheidsfront Plus;

19.2.4. Om die jeug se politieke denke te ontwikkel;

19.2.5. Leierskapsontwikkeling;

19.2.6. Om 'n samehorigheidsgevoel onder die Vryheidsfront Plus se jeuglede te kweek.

19.3. STRUKTURE VAN DIE VRYHEIDSFRONT PLUS JEUG

19.3.1. Organisatories funksioneer die Vryheidsfront Plus-jeug op 'n federale grondslag. Die Jeugaksie is deel van die Vryheidsfront Plus se federale struktuur en alle jeugstrukture en lede vorm deel van die Party se strukture.

19.3.2. Die struktuur van die Vryheidsfront Plus-jeug is soos volg:

19.3.2.1. Die Nasionale Jeugleier;

19.3.2.2. 'n Federale Jeugraad met Dagbestuur;

## 19. ARTICLE 19: FREEDOM FRONT PLUS YOUTH

19.1. FOUNDATION

The Freedom Front Plus Youth is based on the same foundation as the Freedom Front Plus. All decisions, activities, actions and projects of the Freedom Front Youth must be in line with the Policy, the Creed and the Mission of the Freedom Front Plus.

19.2. OBJECTIVES

19.2.1. The Freedom Front Plus Youth has the following objectives:

19.2.2. To promote the Mission of the Freedom Front Plus;

19.2.3. To get the Afrikaner youth, as well as other communities in South Africa bound by a common language and cultural heritage, involved in the Freedom Front Plus;

19.2.4. To develop the youth's political thinking;

19.2.5. Leadership development;

19.2.6. To cultivate a sense of social cohesion among the Freedom Front Plus's youth members.

19.3. STRUCTURES OF THE FREEDOM FRONT PLUS YOUTH

19.3.1. Organisationally, the Freedom Front Plus Youth functions on a federal foundation. The Youth division is part of the Freedom Front Plus's federal structure and all youth structures and youth members form part of the Party's structures.

19.3.2. The structure of the Freedom Front Plus Youth is as follows:

19.3.2.1. The National Youth Leader;

19.3.2.2. A Federal Youth Council with a Management,

19.3.2.3. Jeugtakke met Takbesture;

19.3.2.4. Jeuglede van die Vryheidsfront Plus.

19.3.3. Die Jeugaksie is deel van die Vryheidsfront Plus se federale struktuur en alle jeugstrukture en lede vorm deel van die Party se strukture.

19.4. NASIONALE JEUGLEIER

19.4.1. Aan die hoof van die Vryheidsfront Plus-jeug staan die Nasionale Jeugleier;

19.4.2. Bevoegdhede van die Nasionale Jeugleier:

19.4.2.1. Wanneer die Federale Jeugraad nie in sitting is nie, is die Nasionale Jeugleier, in oorleg met die Dagbestuur van die Federale Jeugraad, met die volle mag en gesag van die Federale Jeugraad beklee om, met betrekking tot dringende aangeleenthede, te besluit en op te tree. Besluite moet strook met die Beleid, Credo en Missie van die Vryheidsfront Plus.

19.4.2.2. Die Nasionale Jeugleier tree op as Voorsitter van die Dagbestuur van die Federale Jeugraad;

19.4.2.3. Die Nasionale Jeugleier is lid van die Dagbestuur van die Federale Raad (kyk artikel 9.3.4).

19.4.2.4. Die Nasionale Jeugleier is getaak met die voorlegging van sake aan die Federale Dagbestuur soos deur die Federale Jeugraad geïdentifiseer.

19.3.2.3. Youth Branches with their Branch Managements;

19.3.2.4. Youth members of the Freedom Front Plus.

19.3.3. The Youth division is part of the Freedom Front Plus’s federal structure and all youth structures and youth members form part of the Party’s structures.

19.4. NATIONAL YOUTH LEADER

19.4.1. At the helm of the Freedom Front Plus Youth is the National Youth Leader;

19.4.2. Powers of the National Youth Leader:

19.4.2.1. When the Federal Youth Council is not in session, the National Youth Leader, in consultation with the *Management* Management of the Federal Youth Council, is vested with the full power and authority of the Federal Youth Council to make decisions and take action regarding urgent matters. All decisions must be in accordance with the Policy, the Creed and the Mission of the Freedom Front Plus.

19.4.2.2. The National Youth leader acts as the Chairperson of the Management of the Federal Youth Council.

19.4.2.3. The National Youth leader is a member of the Federal Management of the Federal Council (see Article 9.3.4).

19.4.2.4. The Youth leader is tasked with presenting matters, as identified by the Federal Youth Council, to the Federal Management.

19.5. FEDERALE JEUGRAAD

19.5.1. Die Federale Jeugraad is die hoogste struktuur van die Vryheidsfront Plus-jeug.

19.5.2. Die Federale Jeugraad bestaan uit jeuglede, as afgevaardigdes van die Provinsiale Jeugrade, daartoe verkies op dieselfde basis as wat Provinsies lede na die Federale Raad afvaardig.

19.5.3. BEVOEGDHEDE VAN DIE FEDERALE JEUGRAAD

19.5.3.1. Die Federale Jeugraad reël die organisasie en administrasie van die Jeug en is ondergeskik aan die Federale Raad wat die hoogste gesag van die Party is. Die organisasie en administrasie moet altyd die gesag van die Provinsiale Partyrade eerbiedig;

19.5.3.2. Indien die Federale Jeugraad nie in sitting is nie, word die bevoegdhede deur die Dagbestuur van die Federale Jeugraad uitgevoer;

19.5.3.3. Die Federale Jeugraad kan van tyd tot tyd komitees of werkgroepe benoem om sake te ondersoek, of om die Federale Jeugraad behulpsaam te wees in die uitvoering van sy pligte en verantwoordelikhede.

19.5.4. VERGADERINGS VAN FEDERALE JEUGRAAD

19.5.4.1. Die Federale Jeugraad vergader so dikwels as wat hyself of die Federale Jeugraad se Dagbestuur besluit, met dien verstande dat hy minstens een keer per jaar moet vergader. Die jaarlikse vergadering moet verkieslik saamval met 'n Federale Jeugkongres;

19.5. FEDERAL YOUTH COUNCIL

19.5.1. The Federal Youth Council is the highest structure of the Freedom Front Plus Youth.

19.5.2. The Federal Youth Council comprises youth members as delegates of the Provincial Youth Councils who are elected on the same basis that Provinces delegate members to the Federal Council.

19.5.3. POWERS OF THE FEDERAL YOUTH COUNCIL

19.5.3.1. The Federal Youth Council is responsible for the organisation and administration of the Youth and is subordinate to the Federal Council, which is the highest authority of the Party. The organisation and administration must always submit to the authority of the Provincial Party Councils;

19.5.3.2. If the Federal Youth Council is not in session, its powers are exercised by the Management of the Federal Youth Council;

19.5.3.3. The Federal Youth Council may from time to time set up committees or task teams to investigate matters or to assist the Federal Youth Council in performing its duties and responsibilities.

19.5.4. FEDERAL YOUTH COUNCIL MEETINGS

19.5.4.1. The Federal Youth Council convenes a meeting as often as it or the Management of the Federal Youth Council determines, provided that it must convene a meeting at least once a year. The annual meeting must preferably take place at the same time as the Federal Youth Congress;

19.5.4.2. Wanneer minstens 33% van die lede van die Federale Jeugraad, met vermelding van die name van die lede en 'n voorgestelde agenda, skriftelik daarvoor vra, moet 'n vergadering van die Federale Jeugraad binne 21 dae belê word. Indien daar versuim word om die vergadering binne 21 dae te belê, het die betrokke lede die reg om dit self te belê;

19.5.4.3. Enige lid van die Federale Jeugraad wat sonder voorafverkreë toestemming van die Jeugleier of Sekretaris of sonder kondonasie van afwesigheid daarna, twee agtereenvolgende vergaderings van die Federale Jeugraad nie bywoon nie, hou *ipso facto* op om lid van die Federale Jeugraad te wees;

19.5.4.4. Ten minste tien lede van die Federale Jeugraad vorm 'n kworum;

19.5.4.5. In afwesigheid van die Nasionale Jeugleier tree die Nasionale Jeugonderleier op as Voorsitter van die Federale Jeugraad. Indien die Jeugonderleier ook afwesig is, kies die Federale Jeugraad 'n Voorsitter vir die vergadering.

19.5.5. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN DIE FEDERALE JEUGRAAD

Die Federale Jeugraad moet:

19.5.5.1. Indien hy dit wenslik ag, 'n Federale Jeugkongres belê;

19.5.5.2. Die Federale Jeugraad moet kragtens die Organisatoriese Reglement reorganiseer en 'n Nasionale Jeugleier kies;

19.5.5.3. By sy reorganisasievergadering 'n Nasionale Jeugonderleier kies;

19.5.4.2. When at least 33% of the members of the Federal Youth Council request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, such a Federal Youth Council meeting must be convened within 21 days. If a meeting is not convened within 21 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

19.5.4.3. Any member of the Federal Youth Council who fails to attend two consecutive Federal Youth Council meetings without obtaining prior permission from the Youth Leader or the Secretary or without condonation of absence thereafter, is ipso facto no longer a member of the Federal Youth Council;

19.5.4.4. A minimum of ten members of the Federal Youth Council comprise a quorum;

19.5.4.5. In the absence of the National Youth Leader, the National Deputy Youth Leader acts as the Chairperson of the Federal Youth Council. If the Deputy Youth Leader is also absent, the Federal Youth Council elects a Chairperson for the meeting.

19.5.5. DUTIES AND FUNCTIONS OF THE FEDERAL YOUTH COUNCIL

The Federal Youth Council must:

19.5.5.1. Convene a Federal Youth Congress if it is deemed advisable;

19.5.5.2. The Federal Youth Council must reorganise in terms of the Organisational Regulations and elect a National Youth Leader;

19.5.5.3. Elect a Deputy Youth Leader at its reorganisation meeting;

19.5.5.4. Uit sy lede 'n Dagbestuur, soos omskryf in artikel 19.6 verkies;

19.5.5.5. Die Nasionale Jeugleier, die Nasionale Jeugonderleier en twee lede deur die Jeugraad verkies, dien op die Federale Raad van die Vryheidsfront Plus;

19.5.5.6. 'n Verslag van sy werksaamhede opstel en by die eersvolgende Federale Raad ter tafel lê;

19.5.5.7. 'n Sakelys vir die Federale Jeugkongres opstel en indien so besluit, voorstelle aan die Federale Raad voorlê;

19.5.5.8. Toesig hou oor al die verskillende ondergeskikte liggame en besture en oor die uitvoering van hulle pligte en verantwoordelikhede;

19.5.5.9. Die Provinsiale Jeugrade bystaan om doeltreffend te funksioneer;

19.5.5.10. Alles wat nodig is, doen ter bevordering van die Vryheidsfront Plus-jeug;

19.5.5.11. Skriftelike notules hou van sy werksaamhede en besluite.

19.6. DAGBESTUUR VAN DIE FEDERALE JEUGRAAD

19.6.1. SAMESTELLING

Die Federale Jeugraad moet kragtens die Organisatoriese Reglement by sy reorganisasievergadering uit eie geledere 'n Dagbestuur soos volg saamstel:

19.6.1.1. 'n Nasionale Jeugleier as Voorsitter;

19.6.1.2. 'n Nasionale Jeugonderleier;

19.5.5.4. Elect a Management, as stipulated in Article 17.6, from its members;

19.5.5.5. The National Youth Leader, the National Deputy Youth Leader and two members elected by the Youth Council serve on the Federal Council of the Freedom Front Plus;

19.5.5.6. Compile a report on all its activities and present it at the next Federal Council meeting;

19.5.5.7. Compile an Agenda for the Federal Youth Congress and present proposals to the Federal Council, if so decided;

19.5.5.8. Oversee all the various subordinate bodies and management structures and the performing of their duties and responsibilities;

19.5.5.9. Assist the Provincial Youth Councils to ensure that they function effectively;

19.5.5.10. Do everything that is necessary to promote the Freedom Front Plus Youth;

19.5.5.11. Take written minutes of its activities and decisions.

19.6. MANAGEMENT OF THE FEDERAL YOUTH COUNCIL

19.6.1. COMPOSITION

The Federal Youth Council must in accordance with the Organisational Regulations at its reorganisation meeting from its own ranks compose a Management as follows:

19.6.1.1. A National Youth Leader as Chairperson;

19.6.1.2. A National Deputy Youth Leader;

19.6.1.3. ‘n Sekretaris;

19.6.1.4. Vier addisionele lede;

19.6.2. Die Dagbestuur is gemoeid met die dag-tot-dag funksionering van die Vryheidsfront Plus-jeug en doen verslag aan die Federale Jeugraad oor sy werksaamhede;

19.6.3. Die Dagbestuur kan enige lid van die Federale Jeugraad, vir die doeleindes van ‘n spesifieke punt op die sakelys, versoek om daardie betrokke vergadering by te woon.

19.6.4. VERGADERINGS VAN DIE DAGBESTUUR

19.6.4.1. Die Dagbestuur vergader so dikwels as wat hyself, of die Federale Jeugraad besluit. Die Jeugleier kan te enige tyd ‘n vergadering van die Dagbestuur belê;

19.6.4.2. Wanneer minstens 33% van die lede van die Dagbestuur met vermelding van hulle name en ‘n voorgestelde agenda, skriftelik daarom vra, moet ‘n vergadering van die Dagbestuur gehou word. Indien dit nie binne 21 dae gedoen word nie, het die lede die reg om self die vergadering te belê;

19.6.4.3. ‘n Meerderheid van lede is ‘n kworum.

19.7. FEDERALE JEUGKONGRES

19.7.1. ‘n Federale Jeugkongres word wanneer wenslik gehou op ‘n plek en tyd deur die Federale Jeugraad bepaal;

19.7.2. Die Federale Jeugraad bepaal hoe die Federale Jeugkongres saamgestel sal word.

19.7.3. Die Federale Jeugraad bepaal hoe die Federale Jeugkongres sal verloop.

19.6.1.3. A Secretary;

19.6.1.4. Four additional members;

19.6.2. The Management is tasked with managing the day-to-day functioning of the Freedom Front Plus Youth and reports to the Federal Youth Council;

19.6.3. The Management may instruct any member of the Federal Youth Council to attend one of its meetings for the sake of addressing a specific point on the agenda;

19.6.4. MANAGEMENT MEETINGS

19.6.4.1. The Management convenes a meeting as often as it or the Federal Youth Council determines. The Youth Leader can convene a Management meeting at any time;

19.6.4.2. When at least 33% of the members of the Management request a meeting in writing, explicitly stating the members’ names and the agenda, such a Management meeting must be convened. If a meeting is not convened within 21 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

19.6.4.3. A majority of the members constitutes a quorum;

19.7. FEDERAL YOUTH CONGRESS

19.7.1. A Federal Youth Congress is held when advisable at a time and place as determined by the Federal Youth Council;

19.7.2. The Federal Youth Council determines the composition of the Federal Youth Congress;

19.7.3. The Federal Youth Council determines the programme of the Federal Youth Congress.

19.8. PROVINSIALE JEUGRADE

19.8.1. SAMESTELLING

Vir Gauteng, Vrystaat, Noord-Kaap, Mpumalanga, Noordwes, Wes-Kaap, Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en Limpopo word elk ‘n Provinsiale Jeugraad saamgestel soos volg saamgestel:

19.8.1.1. Twee verteenwoordigers van elke Jeugtak binne die Provinsie of soveel verteenwoordigers as wat elke Provinsiale Jeugraad self vasstel;

19.8.1.2. Wanneer ‘n lid van die Provinsiale Jeugraad, deur ‘n Jeugtak aangewys, om grondige redes nie ‘n vergadering kan bywoon nie, woon die behoorlik verkose secundus van so ‘n lid die vergadering by;

19.8.1.3. Die Provinsiale Jeugraad kies uit sy lede ‘n Dagbestuur;

19.8.2. BEVOEGDHEDE VAN PROVINSIALE JEUGRADE

19.8.2.1. ‘n Provinsiale Jeugraad is die hoogste struktuur van die Vryheidsfront Plus-jeug van die Provinsie en reël die organisasie en administrasie van die jeug in die Provinsie en is ondergeskik aan die gesag van die Provinsiale Partyraad;

19.8.2.2. Die Provinsiale Jeugraad kan van tyd-tot-tyd komitees of werksgroepe benoem sake te ondersoek of om die Provinsiale Jeugraad behulpsaam te wees met die uitvoering van sy pligte en verantwoordelikhede. Sodanige komitees doen verslag aan die Provinsiale Jeugraad en het geen besluitnemingsbevoegdheid nie.

19.8. PROVINCIAL YOUTH COUNCILS

19.8.1. COMPOSITION

For Gauteng, Free State, Northern Cape, Mpumalanga, North West, Western Cape, Eastern Cape, KwaZulu-Natal and Limpopo, a Provincial Youth Council is each constituted as follows:

19.8.1.1. Two representatives of every Youth Branch in the Province or as many representatives as every Provincial Youth Council determines;

19.8.1.2. When a member of a Provincial Youth Council, appointed by a Youth Branch, is unable to attend a meeting due to valid reasons, the properly elected secundus of that member must attend the meeting;

19.8.1.3. The Provincial Youth Council elects a Provincial Management from its members;

19.8.2. POWERS OF PROVINCIAL YOUTH COUNCILS

19.8.2.1. The Provincial Youth Council is the highest structure of the Freedom Front Plus Youth in a given Province and is responsible for the organisation and administration of the Youth in the Province and is subordinate to the authority of the Provincial Party Council;

19.8.2.2. The Provincial Youth Council may from time to time set up committees or task teams to investigate matters or to assist the Provincial Youth Council in performing its duties and responsibilities. Such committees and teams must report to the Provincial Youth Council and have no decision-making capacity.

19.8.2.3. Die bepalings van artikel 13.2 is ook van toepassing op die Provinsiale Jeugrade;

19.8.3. VERGADERINGS VAN DIE PROVINSIALE JEUGRAAD

19.8.3.1. Die Provinsiale Jeugraad vergader so dikwels as wat hyself, of so dikwels as wat die Dagbestuur besluit, met dien verstande, dat hy minstens een keer per jaar moet vergader;

19.8.3.2. Wanneer minstens 33% van die lede van die Dagbestuur of minstens 33% van die lede van die Provinsiale Jeugraad, met vermelding van hulle name, skriftelik daarvoor vra, moet 'n vergadering binne 21 dae belê word. Indien daar versuim word om die vergadering binne 21 dae te belê, het die betrokke lede die reg om dit self te belê;

19.8.3.3. Enige lid van die Provinsiale Jeugraad wat, sonder vooraf verkreë verlof of sonder kondonasie van afwesigheid daarna, twee agtereenvolgende vergaderings van die Provinsiale Jeugraad nie bywoon nie, hou *ipso facto* op om lid van die Provinsiale Jeugraad te wees;

19.8.3.4. Die meerderheid van lede van die Provinsiale Jeugraad is 'n kworum.

19.8.4. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN PROVINSIALE JEUGRADE

19.8.4.1. Die Provinsiale Jeugraad moet jaarliks 'n jaarprogram vir die jeug in die Provinsie opstel.

19.8.2.3. The stipulations of Article 13.2 are also applicable to the Provincial Youth Councils;

19.8.3. PROVINCIAL YOUTH COUNCIL MEETINGS

19.8.3.1. The Provincial Youth Council convenes a meeting as often as it or the Provincial Management determines, provided that it must convene a meeting at least once a year;

19.8.3.2. When at least 33% of the members of the Provincial Management or at least 33% of the members of the Provincial Youth Council request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, such a meeting must be convened within 21 days. If a meeting is not convened within 21 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

19.8.3.3. Any member of the Provincial Youth Council who fails to attend two consecutive Provincial Youth Council meetings without obtaining prior permission or without condonation of absence thereafter, is ipso facto no longer a member of the Provincial Youth Council;

19.8.3.4. A majority of the members of the Provincial Youth Council constitutes a quorum;

19.8.4. DUTIES AND FUNCTIONS OF THE PROVINCIAL YOUTH COUNCILS

19.8.4.1. The Provincial Youth Council must annually compile a year programme for the youth in the Province.

19.8.4.2. Die jaarprogram moet gegrond wees op die bereiking van die doelstellings van die Vryheidsfront Plus Jeug soos vervat in artikel 19.2 van hierdie Grondwet;

19.8.4.3. Die Provinsiale Jeugraad moet toesien dat die jaarprogram uitgevoer word;

19.8.4.4. Die Provinsiale Jeugraad se verteenwoordiger doen by die Federale Jeugraad se reorganisasievergadering verslag oor aktiwiteite van die voorafgaande jaar asook hulle jaarprogram vir die komende jaar.

19.9. DAGBESTUUR VAN DIE PROVINSIALE JEUGRAAD

19.9.1. Die Provinsiale Jeugraad moet kragtens die Organisatoriese Reglement reorganiseer en by sy reorganisasie uit sy lede 'n Dagbestuur soos volg saamstel:

19.9.1.1. Die Provinsiale Jeugleier, wat ook optree as Voorsitter van die Provinsiale Jeugraad;

19.9.1.2. 'n Provinsiale Jeugonderleier;

19.9.1.3. Soveel Addisionele Lede op die Dagbestuur, as wat die Provinsiale Jeugraad mag besluit.

19.9.2. Die Dagbestuur beskik oor die bevoegdhede van die Provinsiale Jeugraad wanneer laasgenoemde nie in sitting is nie.

19.8.4.2. The year programme must be based on and aimed at achieving the objectives of the Freedom Front Plus Youth as stipulated in Article 19.2 of this Constitution;

19.8.4.3. The Provincial Youth Council must ensure that the year programme is executed;

19.8.4.4. The Provincial Youth Council's representative reports on the previous years' activities and the year programme for the following year at the Federal Youth Council's reorganisation meeting.

19.9. MANAGEMENT OF THE PROVINCIAL YOUTH COUNCIL

19.9.1. The Provincial Youth Council must reorganise in accordance with the Organisational Regulations and upon its reorganisation form a Management Committee from its members as follows:

19.9.1.1. The Provincial Youth Leader who also acts as the Chairperson of the Provincial Youth Council;

19.9.1.2. A Deputy Provincial Youth Leader;

19.9.1.3. As many additional members serving on the Provincial Management as determined by the Provincial Youth Council.

19.9.2. The Provincial Management executes the powers of the Provincial Youth Council when the latter is not in session.

19.9.3. VERGADERINGS VAN DIE PROVINSIALE DAGBESTUUR

19.9.3.1. Die Provinsiale Dagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is en vergaderings van die Provinsiale Dagbestuur word belê deur die Provinsiale Jeugraad en/of die Provinsiale Dagbestuur en/of die Voorsitter van die Provinsiale Dagbestuur;

19.9.3.2. Wanneer minstens 33% van die lede van die Dagbestuur met vermelding van die name van die ledeen 'n agenda skriftelik daarom vra, moet 'n vergadering van die Provinsiale Dagbestuur gehou word. Indien dit nie binne 21 dae gedoen word nie, het die lede die reg om self die vergadering te belê;

19.9.3.3. 'n Meerderheid van die lede van die Provinsiale Dagbestuur is 'n kworum;

19.9.3.4. Die Provinsiale Dagbestuur doen aan die Provinsiale Jeugraad verslag oor sy werksaamhede.

19.10. JEUGTAKKE

19.10.1. Artikel 17 van die Grondwet van die Vryheidsfront Plus het betrekking:

19.10.2. 'n Jeugtak is 'n Tak waarvan al die lede Jeuglede is en wat op die Takstigtingsvorm as 'n Jeugtak aangedui is en wat gestig is in oorleg met en goedkeuring van die Provinsiale Jeugstrukure. 'n Jeuglid is iemand wat voldoen aan die vereistes gestel in artikel 19.12 van hierdie Grondwet;

19.9.3. PROVINCIAL MANAGEMENT MEETINGS

19.9.3.1. The Provincial Management convenes a meeting as often as is necessary and the meetings of the Provincial Management are convened by the Provincial Youth Council and/or the Provincial Management and/or the Chairperson of the Provincial Management;

19.9.3.2. When at least 33% of the members of the Management request a meeting in writing, explicitly stating the members' names and an agenda, a Provincial Management meeting must be convened. If a meeting is not convened within 21 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

19.9.3.3. A majority of the members of the Provincial Management constitutes a quorum;

19.9.3.4. The Provincial Management reports to the Provincial Youth Council.

19.10. YOUTH BRANCHES

19.10.1. Article 17 of the Constitution of the Freedom Front Plus applies:

19.10.2. A Youth Branch is a Branch of which all the members are Youth members and which is indicated as a Youth Branch on the Branch Founding Form and which was founded in consultation with and with the approval of the Provincial Youth structures. A Youth member is someone who complies with the requirements stipulated in Article 19.12 of this Constitution;

19.10.3. Alvorens ʻn Tak gestig word, moet goedkeuring van die betrokke Provinsiale Jeugraad verkry word en nadat dit gestig is, moet die Provinsiale Partyraad en Hoof Uitvoerende Beampte van die Vryheidsfront Plus, sowel as die Federale Jeugraad binne veertien dae skriftelik op die voorgeskrewe vorm daarvan in kennis gestel word. Op die vorm moet duidelik langs die Tak se naam aangedui word dat dit ʻn Jeugtak is;

19.10.4. Alle Jeugtakke het sittingsreg op die Streeksrade en/of Provinsiale Partyraad en wel op dieselfde basis as wat die betrokke Streeksrade en/of Partyraad sy verteenwoordiger van ander Takke op die Streeksraad en/of Partyraad reël.

19.10.5. Elke Jeugtak moet kragtens die Organisatoriese Reglement sy reorganisasievergadering hou;

19.11. TAKBESTUUR

19.11.1. Artikel 18 in die Grondwet van die Vryheidsfront Plus het betrekking.

19.12. LIDMAATSKAP VAN VRYHEIDSFRONT PLUS-JEUG

19.12.1. ʻn Jeuglid is:

19.12.1.1. ʻn Suid-Afrikaanse burger van 16 jaar en ouer wat die Missie en die Credo en verklaring van lojaliteit van die Vryheidsfront Plus onderskryf, ʻn geregistreerde kieser is en ʻn ingeskrewe lid van die Vryheidsfront Plus is;

19.12.1.2. Wat deur die jeuglede van die betrokke Tak en die persoon self as ʻn jeuglid beskou word;

19.12.1.3. Wat nie ouer as vyf-en-dertig is nie.

19.10.3. Before a Youth Branch is founded, approval must be obtained from the relevant Provincial Youth Council and after it was founded, the Provincial Party Council and Chief Executive Officer of the Freedom Front Plus as well as the Federal Youth Council must be informed of it in writing on the prescribed form within 14 days. On the form next to the Branch's name, it must be clearly indicated that it is a Youth Branch;

19.10.4. All Youth Branches have a seat in the Regional Council and/or Provincial Party Council on the same basis as the relevant Regional Council and/or Party Council determines for the representatives from other Branches who serve on the Regional Council and/or Party Council.

19.10.5. Every Youth branch must hold a reorganising meeting in terms of the Organisational Regulations.

19.11. BRANCH MANAGEMENT

19.11.1. Article 18 of the Constitution of the Freedom Front Plus applies.

19.12. MEMBERSHIP TO THE FREEDOM FRONT PLUS YOUTH

19.12.1. A Youth member is:

19.12.1.1. A South African citizen aged 16 and over who endorses the Mission and the Credo and declaration of loyalty of the Freedom Front Plus, is a registered voter and is an enrolled member of the Freedom Front Plus;

19.12.1.2. Who is considered a Youth member by the relevant Branch and who considers himself a Youth member; and

19.12.1.3. Who is not older than thirty five.

19.12.2. 'n Jeuglid se lidmaatskap van die Jeug verval op sy vyf-en-dertigste verjaarsdag.

19.12.3. 'n Jeuglid is slegs verkiesbaar tot 'n amp in 'n Jeugtak, Provinsiale Jeugraad of die Federale Jeugraad indien sodanige Jeuglid ingevolge artikel 20.5 'n Aktiewe lid van die Vryheidsfront Plus is.

19.13. ALGEMEEN

19.13.1. In soverre enige spesifieke saak nie deur artikel 19 gereël word nie, kan die Federale Jeugraad voorskrifte daaroor uitvaardig;

19.13.2. Alle bepalings van die Grondwet van die Vryheidsfront Plus is *mutatis mutandis* van toepassing op alle jeuglede en jeugstrukture.

19.12.2. A youth member's membership of the Youth expires on his thirty-fifth birthday;

19.12.3. A youth member is only eligible for election to an office in a Youth branch, Provincial Youth Council or Federal Youth Council if that youth members is an active member of the FF Plus in terms of Article 20.5

19.13. GENERAL

19.13.1. Inasmuch as any specific matters are not addressed and regulated by Article 19, the Federal Youth Council can issue stipulations regarding such matters;

19.13.2. All stipulations of the Constitution of the Freedom Front Plus apply mutatus mutandis to all youth structures and youth members.

## 20. ARTIKEL 20: LIDMAATSKAP VAN DIE VRYHEIDSFRONT PLUS

20.1. Suid-Afrikaanse burgers van 16 jaar en ouer, wat as kiesers geregistreer is en die Missie, Credo en verklaring van lojaliteit onderskryf, kan as Lede van die Vryheidsfront Plus toegelaat word;

20.2. 'n Persoon het die keuse om aansoek te doen om 'n Aktiewe of Gewone Lid te word;

20.3. Alle persone wat Lede van die Vryheidsfront Plus wil word, word as sodanig geag by voltooiing van 'n aansoek om lidmaatskap en goedkeuring daarvan deur die toepaslike Partyliggaam.

20.4. By voltooiing van sodanige lidmaatskap aansoek word die aansoeker geag om die volgende te onderskryf:

20.4.1. Die Missie van die Vryheidsfront Plus soos omskryf in artikel 3 van hierdie Grondwet;

20.4.2. Die Credo van die Vryheidsfront Plus soos omskryf in artikel 4 van hierdie Grondwet;

20.4.3. Die volgende verklaring van lojaliteit:

20.4.3.1. Ek verbind my uit vrye wil om onverdeelde lojaliteit aan die Vryheidsfront Plus te betuig en om die verpligtinge verbonde aan my lidmaatskap van die Vryheidsfront Plus volgens hierdie Grondwet, getrou na te kom;

20.4.3.2. Ek onderwerp my aan die gesag en tug van die Vryheidsfront Plus se organisasie volgens hierdie Grondwet;

20.4.3.3. Ek is nie lid van en/of assosieer my nie met enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking wat deur die Federale Raad geag word in stryd te wees met die beginsels of belange van die Vryheidsfront Plus nie;

## 20. ARTICLE 20: MEMBERSHIP OF THE FREEDOM FRONT PLUS

20.1. South African citizens aged 16 years and older, who are registered as voters and endorse the Mission, Creed, and Declaration of Loyalty, may be admitted as members of the Freedom Front Plus;

20.2. An individual may choose to apply for Active Membership or Ordinary Membership;

20.3. Anyone wishing to become a member of the Freedom Front Plus is considered a member upon completing a membership application and its approval by the relevant Party body;

20.4. Upon completing such a membership application, the applicant is deemed to endorse the following:

20.4.1. The Mission of the Freedom Front Plus as defined in Article 3 of this Constitution;

20.4.2. The Creed of the Freedom Front Plus as defined in Article 4 of this Constitution;

20.4.3. The following Declaration of Loyalty:

20.4.3.1. I freely commit to pledging undivided loyalty to the Freedom Front Plus and faithfully fulfilling the obligations associated with my membership as set out in this Constitution;

20.4.3.2. I submit to the authority and discipline of the Freedom Front Plus in accordance with this Constitution;

20.4.3.3. I am not a member of, nor do I associate with, any other political party or organisation with a political nature that the Federal Council deems to be in conflict with the principles or interests of the Freedom Front Plus;

20.4.3.4. Indien ek, nadat ek aangesluit het by die Vryheidsfront Plus, lidmaatskap aanvaar van of my assosieer met enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking wat deur die Federale Raad geag word in stryd te wees met die beginsels of belange van die Vryheidsfront Plus, dit geag sal word dat ek onmiddellik daarmee outomaties my lidmaatskap van die Vryheidsfront Plus beëindig het.

20.4.4. 'n Aktiewe Lid van die Vryheidsfront Plus ressorteer onder die jurisdiksie van die Streek waar sy lidmaatskap gehou word.

20.5. AKTIEWE LEDE

20.5.1. 'n Aktiewe Lid moet eenmalige ledegeld waarvan die bedrag deur die Federale Raad bepaal word, betaal.

20.5.2. 'n Aktiewe Lid moet aan 'n tak behoort;

20.5.3. Toelating van Aktiewe Lede:

20.5.3.1. Benewens die bepalings van artikel 20.1 tot 20.4.4 kan 'n persoon slegs 'n Aktiewe Lid van die Party word mits hy op die voorgeskrewe vorm of aanlyn om Aktiewe lidmaatskap van die Party aansoek gedoen het en mits die relevante struktuur hom as lid toelaat;

20.5.3.2. Die lidmaatskap van 'n Aktiewe Lid geld van die datum waarop hy deur die relevante struktuur as Lid toegelaat is;

20.5.3.3. 'n Relevante struktuur kan weier om 'n persoon as Aktiewe Lid van die Party toe te laat, onderworpe aan die reg van appèl na die Provinsiale Partyraad.

20.5.4. 'n Aktiewe lid:

20.5.4.1. is verkiesbaar as ampsdraers binne strukture van die Party;

20.4.3.4. Should I, after joining the Freedom Front Plus, accept membership of or associate with any other political party or organisation with a political nature deemed by the Federal Council to conflict with the principles or interests of the Freedom Front Plus, it will be considered that I have automatically and immediately terminated my membership of the Freedom Front Plus.

20.4.4. An Active Member of the Freedom Front Plus falls under the jurisdiction of the region where their membership is held.

20.5. ACTIVE MEMBERS

20.5.1. An Active Member must pay a one-time membership fee, the amount of which is determined by the Federal Council.

20.5.2. An Active Member must belong to a branch.

20.5.3. Admission of Active Members:

20.5.3.1. In addition to the provisions of Articles 20.1 to 20.4.4, a person may only become an Active Member of the Party if they have applied for Active Membership on the prescribed form or online and have been admitted by the relevant structure;

20.5.3.2. Active Membership is valid from the date the relevant structure approves the applicant as a member;

20.5.3.3. A relevant structure may refuse to admit a person as an Active Member, subject to the right of appeal to the Provincial Party Council.

20.5.4. An Active Member:

20.5.4.1. Is eligible to be elected to positions within Party structures;

20.5.4.2. mag as kandidaat vir 'n openbare amp deur die Party genomineer word volgens die betrokke nominasieprosedure, soos deur die Federale Raad goedgekeur.

20.6. GEWONE LEDE

20.6.1. 'n Gewone lid:

20.6.1.1. Het geen verpligte ledegeld betaalbaar nie;

20.6.1.2. Word nie verplig om aan 'n Tak te behoort nie;

20.6.1.3. Mag aan 'n Tak behoort indien die betrokke Takbestuur dit sodanig goedkeur;

20.6.1.4. Het stemreg op die betrokke Tak;

20.6.1.5. Is nie verkiesbaar tot enige ampte binne enige strukture van die Party nie;

20.6.1.6. Mag nie genomineer word om as kandidaat van die Party vir enige openbare amp verkies te word nie.

20.6.2. 'n Relevante struktuur kan weier om 'n persoon as lid van die Party toe te laat, onderworpe aan die reg van appèl na die Provinsiale Partyraad.

20.7. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP EN TUGSTAPPE

20.7.1. 'n Lid hou op om lid van die Vryheidsfront Plus te wees wanneer:

20.7.1.1. Hy skriftelik bedank as Lid van die Vryheidsfront Plus;

20.7.1.2. Hy sterf;

20.7.1.3. Sy lidmaatskap van die Vryheidsfront Plus beëindig word;

20.5.4.2. May be nominated as a candidate for public office by the Party in accordance with the relevant nomination procedure, as approved by the Federal Council.

20.6. ORDINARY MEMBERS

20.6.1. An Ordinary Member:

20.6.1.1. Does not pay mandatory membership fees;

20.6.1.2. Is not required to belong to a branch;

20.6.1.3. May belong to a branch if approved by the relevant Branch Management;

20.6.1.4. Has voting rights at the relevant branch;

20.6.1.5. Is not eligible for election to any positions within Party structures;

20.6.1.6. May not be nominated as a Party candidate for any public office.

20.6.2. A relevant structure may refuse to admit a person as a member, subject to the right of appeal to the Provincial Party Council.

20.7. TERMINATION OF MEMBERSHIP AND DISCIPLINARY ACTION

20.7.1. A member ceases to be a member of the Freedom Front Plus when:

20.7.1.1. They resign in writing as member of the Freedom Front Plus;

20.7.1.2. They pass away;

20.7.1.3. Their membership of the Freedom Front Plus is terminated;

20.7.2. ‘n Lid se lidmaatskap kan deur die Streeksbestuur of Provinsiale Bestuur wat jurisdiksie oor hom het, voorlopig of finaal beëindig word;

20.7.3. ‘n Provinsiale Partyraad kan ‘n Lid se lidmaatskap voorlopig of finaal beëindig;

20.7.4. Die Federale Raad kan enige Lid van die Vryheidsfront Plus se lidmaatskap beëindig en sodanige beslissing is finaal;

20.7.5. ‘n Lid wie se lidmaatskap in sy afwesigheid beëindig word of wie se appèl in sy afwesigheid van die hand gewys word, moet onmiddellik daarna, elektronies, per e-pos of per geregistreerde brief daarvan in kennis gestel word;

20.7.6. ‘n Lid wie se lidmaatskap beëindig is, maar nog onderworpe is aan appèl, word geag ‘n Lid met opgeskorte lidmaatskap te wees;

20.7.7. Vir die doeleindes van hierdie Grondwet beteken opgeskorte lidmaatskap dat so ‘n persoon sy lidmaatskap behou, maar aan geen vergaderings of prosesse van die Vryheidsfront Plus kan deelneem nie;

20.7.8. Indien hy ‘n valse verklaring aan die Party gemaak het, hetsy in enige nominasievorm of mondelings in die proses van die nominasie van aspirant-kandidate, of enige proses wat gevolg is ten einde hom aan te wys as kandidaat of om in ‘n openbare amp aangestel te word in welke geval sy lidmaatskap van die Vryheidsfront Plus onmiddellik outomaties beëindig sal word.

20.7.9. Wanneer ‘n lid se tugstappe verstryk, stel die Federale Hoofkantoor die lid daarvan in kennis.

20.8. SUMMIERE BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

20.8.1. ‘n Lid van die Party se lidmaatskap kan om die volgende redes summier beëindig word:

20.7.2. Membership may be provisionally or finally terminated by the Regional or Provincial Management Committee with jurisdiction over the member;

20.7.3. The Provincial Party Council may provisionally or finally terminate a member’s membership;

20.7.4. The Federal Council may terminate any member’s membership, and such a decision is final;

20.7.5. A member whose membership is terminated in their absence, or whose appeal is dismissed in their absence, must immediately be notified of this electronically, via email, or by registered post;

20.7.6. A member whose membership has been terminated but is still subject to appeal is deemed to be a member with suspended membership;

20.7.7. For the purposes of this Constitution, suspended membership means that such a person retains their membership but may not participate in any meetings or processes of the Freedom Front Plus.

20.7.8. If a member has made a false statement to the Party, whether in any nomination form or verbally during the nomination process of prospective candidates, or in any process to appoint them as a candidate or to a public office, their membership of the Freedom Front Plus will immediately and automatically be terminated.

20.7.9. When a member’s disciplinary proceedings are concluded, the Federal Headquarters will notify the member accordingly.

20.8. SUMMARY TERMINATION OF MEMBERSHIP

20.8.1. Membership may be summarily terminated for reasons such as:

20.8.1.1. Valse verklarings kragtens 20.7.8 aflê;

20.8.1.2. Die Party in oneer bring in die media of op sosiale media;

20.8.1.3. Die Party in oneer bring deur growwe wangedrag;

20.8.1.4. Rassistiese uitlatings maak;

20.8.1.5. Teenstrydig optree met 'n koukus besluit;

20.8.1.6. Dat hy kragtens artikel 20.4.3.4 lidmaatskap aanvaar het van of hom assosieer met enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking wat deur die Federale Raad geag word in stryd te wees met die beginsels of belange van die Vryheidsfront Plus.

20.8.2. Die Tugproses van die Party hoef nie vir hierdie optrede gevolg te word nie en geen ondersoek na die optrede word verlang nie;

20.8.3. Die Federale Dagbestuur of Uitvoerende Dagbestuur gee die beskuldigde skriftelik kennis van voorneme om sy lidmaatskap te beëindig;

20.8.4. Die Persoon het 24 uur om redes aan te voer waarom sy lidmaatskap nie beëindig moet word nie;

20.8.5. Indien geen redes ontvang is nie, is die lidmaatskap summier beëindig. Indien redes aangevoer word, moet slegs en uitsluitlik die Federale Dagbestuur dit oorweeg en binne 24 uur 'n besluit neem.

20.9. REGSBEVOEGDHEID VAN ONDERSKEIE TUGLIGGAME

20.9.1. Die Federale Raad se beslissing binne die Vryheidsfront Plus is finaal en nie vatbaar vir appèl nie;

20.8.1.1. Making false statements as per Article 20.7.8.

20.8.1.2. Bringing the Party into disrepute in the media or on social media;

20.8.1.3. Gross misconduct;

20.8.1.4. Making racist remarks;

20.8.1.5. Acting contrary to a caucus decision;

20.8.1.6. If they, in terms of Article 20.4.3.4, accept membership of or associate themselves with any other political party or organisation with a political inclination that the Federal Council deems to be in conflict with the principles or interests of the Freedom Front Plus.

20.8.2. The Party's disciplinary process does not need to be followed for such conduct, and no investigation into the conduct is required;

20.8.3. The Federal Management or Executive Management must notify the accused in writing of its intention to terminate their membership;

20.8.4. The individual has 24 hours to provide reasons why their membership should not be terminated;

20.8.5. If no reasons are provided, the membership is summarily terminated. If reasons are submitted, only the Federal Management may consider them and must make a decision within 24 hours.

20.9. LEGAL AUTHORITY OF DISCIPLINARY BODIES

20.9.1. Decisions of the Federal Council within the Freedom Front Plus are final and not subject to appeal;

20.9.2. Al die ander tugliggame se beslissings is onderhewig aan appèl na die gesagsliggaam in hoër orde as die verhoorliggaam, of indien die appellant 'n skriftelike versoek aan die betrokke Provinsiale Partyraad rig, na sodanige liggaam as wat die gemelde Provinsiale Partyraad aanwys, maar die finale beslissing berus by die Provinsiale Partyraad;

20.9.3. Indien 'n tugliggaam ressorteer onder die gesag van die Federale Raad word 'n versoek soos hierbo genoem, aan die Federale Raad gerig en die Federale raad wys die appèlliggaam aan, maar die finale beslissing berus by die Federale Raad;

20.9.4. Die tug- en appèlliggaam van finale instansie is die Federale Raad soos geadviseer deur die Regskomitee van die Federale Raad soos saamgestel in Artikel 8.9.1 en wat funksioneer ingevolge die Tugreglement;

20.9.5. Die Tugreglement is die tugreglement soos uiteengesit in Aanhangsel "A" tot hierdie Grondwet soos goedgekeur deur die Federale Raad.

20.10. HERSTEL VAN LIDMAATSKAP

20.10.1. Indien 'n Lid wie se lidmaatskap beëindig is of indien hy bedank het en begeer om as Lid van die Vryheidsfront Plus herstel te word, moet hy deur bemiddeling van die Takbestuur waar hy tuishoort, slegs en uitsluitlik by die Federale Raad daarom aansoek doen.

20.10.2. Die Federale Raad se beslissing is finaal.

20.11. KWALIFIKASIE VAN AMPSDRAERS, AMPTENARE EN KANDIDATE

20.11.1. Iemand wat nie Lid van die Vryheidsfront Plus is nie, mag geen amp of posisie in die Party beklee of aspirantkandidaat of amptelike kandidaat van die Party wees nie.

20.9.2. All other disciplinary bodies' decisions are subject to appeal to the authority in a higher order than the trial body. Alternatively, if the appellant submits a written request to the relevant Provincial Party Council, the appeal may be directed to such a body as designated by the said Provincial Party Council. However, the final decision rests with the Provincial Party Council.

20.9.3. If a disciplinary body falls under the authority of the Federal Council, a request as mentioned above must be directed to the Federal Council. The Federal Council will appoint the appeals body, but the final decision rests with the Federal Council.

20.9.4. The final instance disciplinary and appeal body is the Federal Council, as advised by the Legal Committee of the Federal Council, constituted under Article 8.9.1 and functioning in accordance with the Disciplinary Code.

20.9.5. The Disciplinary Code is the disciplinary code outlined in Annexure "A" to this Constitution, as approved by the Federal Council.

20.10. REINSTATEMENT OF MEMBERSHIP

20.10.1. If a Member whose membership has been terminated or if he has resigned and wishes to be reinstated as a Member of the Freedom Front Plus, must Council through the mediation of the Branch Management where he belongs, apply for this only and exclusively to the Federal Council.

20.10.2. The Federal Council's decision is final.

20.11. QUALIFICATIONS FOR OFFICE-BEARERS, OFFICIALS AND CANDIDATES

20.11.1. A person who is not a Member of the Freedom Front Plus may not hold any office or position in the Party or be an aspiring candidate or official candidate of the Party.

20.11.2. 'n Persoon word slegs as aspirantkandidaat of amptelike kandidaat van die Party benoem mits hy:

20.11.2.1. Nie deur wetgewing gediskwalifiseer is om as lid van sodanige liggaam waartoe hy verkies wil word, te dien nie;

20.11.2.2. Hy 'n Lid van die Vryheidsfront Plus is en die toepaslike verklaring onderteken het;

20.11.2.3. Hy behoorlik genomineer is ingevolge die bepalings soos deur die Federale Raad bepaal;

20.11.2.4. Hy die Missie, Credo, Beleid en Gedragskode van die Vryheidsfront Plus heelhartig ondersteun.

20.11.2. A person may only be nominated as an aspiring candidate or official candidate of the Party:

20.11.2.1. He is not disqualified by law from serving in the body to which he seeks election;

20.11.2.2. He is a member of the Freedom Front Plus and have signed the relevant declaration.

20.11.2.3. He has been duly nominated according to Federal Council procedures;

20.11.2.4. He fully supports the Mission, Creed, Policies, and Code of Conduct of the Freedom Front Plus.

## 21. ARTIKEL 21: VLAG EN EMBLEEM

21.1. Die Vryheidsvlag, 'n samestelling van historiese vryheidsvlae, is die amptelike vlag van die Vryheidsfront Plus en kan by openbare byeenkomste van die Vryheidsfront Plus vertoon word;

21.2. Die embleem van die Vryheidsfront Plus is die embleem soos goedgekeur deur die Federale Raad en moet by alle openbare byeenkomste van die Vryheidsfront Plus vertoon word.

## 21. ARTICLE 21: FLAG AND LOGO

21.1. The Freedom Flag, a compilation of historic freedom flags, is the official flag of the Freedom Front Plus and can be displayed at public gatherings of the Freedom Front Plus;

21.2. The logo of the Freedom Front Plus is the logo adopted by the Federal Council and must be displayed at all public gatherings of the Freedom Front Plus.

## 22. ARTIKEL 22: ALGEMEEN

22.1. In soverre enige spesifieke saak nie hierin gereël is nie, kan die Federale Raad voorskrifte daaroor uitvaardig;

22.2. Reglemente mag opgestel word om bepaalde sake kragtens en in ooreenstemming met die Grondwet van die Vryheidsfront Plus te reël;

22.3. Regsverteenwoordiging sal toegelaat word in tugsake. Regskoste sal gedra word deur die betrokkene wat van regsverteenwoordiging en/of regsmenings gebruik maak;

22.4. Alle dissiplinêre optredes op Tak-, Streek-, Provinsiale- of Federale vlak moet geskied ingevolge die Tugreglement van die Vryheidsfront Plus;

22.5. Wanneer ʼn Bestuur versuim om stappe te neem teen ʼn Lid, amptenaar of aspirant-kandidaat van die Party wat in stryd met die Grondwet handel, kan die Bestuur op ʼn hoër vlak, na raadpleging met die betrokke Bestuur, die nodige stappe doen;

22.6. Alle vergaderings van die Party word met Skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;

22.7. Alle vergaderings en kongresse van die Vryheidsfront Plus vind plaas kragtens die Reglement van Orde;

22.8. Alle vergaderings van Vryheidsfront Plus-strukture kragtens hierdie Grondwet moet genotuleer word;

22.9. Die Federale Raad, Provinsiale Partyrade, Streeksrade en Takke moet kragtens die Organisatoriese Reglement reorganiseer;

22.10. Vir alle liggame en besture van die Party geld die reël dat indien ʼn vergadering korrek belê is en ʼn kworum nie opdaag nie, word ʼn volgende vergadering belê volgens dieselfde vereistes as in gewone omstandighede. By sodanige opvolgende vergadering is die aanwesige lede ʼn kworum;

22.11. By reorganisasie bly alle uittredende lede aan in hul posisies totdat hulle opvolgers gekies is;

## 22. ARTICLE 22: GENERAL

22.1. Inasmuch as any specific matters are not addressed and regulated by this Constitution, the Federal Council can issue stipulations regarding such matters;

22.2. Regulations may be drawn up to regulate specific matters under and in accordance with the Constitution of the Freedom Front Plus;

22.3. Legal representation is allowed in disciplinary hearings. Legal costs must be covered by the relevant person who makes use of legal representation and / or legal counsel;

22.4. All disciplinary actions at Branch, Regional, Provincial or Federal level must take place in accordance with the Disciplinary Regulations of the Freedom Front Plus;

22.5. When a management fails to take the necessary steps against a member, official or aspiring candidate whose actions are in contravention of this Constitution, the superior management may, in consultation with the relevant management, take the necessary steps;

22.6. All meetings of the Party are opened with Scripture reading and a prayer and are closed with a prayer;

22.7. All meetings and congresses of the Freedom Front Plus take place under the Rules of Order;

22.8. All meetings of Freedom Front Plus structures under this Constitution must be minuted;

22.9. The Federal Council, Provincial Party Councils, Regional Councils and Branches must all reorganise in terms of the Organisational Regulations;

22.10. The following rule applies to all Party bodies and managements: if a meeting was correctly convened and a quorum does not attend, a subsequent meeting is convened according to the same requirements that apply in normal circumstances. At such a subsequent meeting, the members present constitute a quorum;

22.11. With reorganisation, all outgoing members of a management remain in their positions until their successors have been elected;

22.12. By uittrede moet sodanige bestuurslede al die gelde, boeke en ander dokumente, bates en besittings van die Party met 'n inventaris aan hulle opvolgers oorhandig;

22.12. Upon retirement, members of management must hand over all monies, books and other documents, assets and possessions of the Party along with an inventory to their successors;

22.13. By reorganisasie, nadat 'n vergadering gekonstitueer is met die nodige kworum teenwoordig, bly die vergadering gekonstitueer, ongeag of daar voortdurende 'n kworum teenwoordig is en sal alle besluite geldig wees, ongeag of die kworum tydens die verloop van die vergadering verbreek is;

22.13. With reorganisation, after a meeting has been constituted with the necessary quorum present, the meeting remains constituted, regardless of whether there is a continuous quorum present and all decisions will be valid, regardless of whether the quorum was broken during the course of the meeting;

22.14. Geen vergadering of besluit op 'n vergadering geneem, sal ongeldig wees bloot omdat enige Lid nie kennis van so 'n vergadering gekry het nie. Sodanige Lid sal egter, nadat hy bewys gelewer het dat daar nie behoorlik kennis gegee is van die bepaalde vergadering nie, geregtig wees om te versoek dat enige besluit op die bepaalde vergadering geneem, vir heroorweging gestel moet word. Heroorweging kan egter slegs na die lees van die betrokke notule en voor goedkeuring daarvan geskied.

22.14. No meeting nor any decision taken during a meeting will be invalid simply because a member did not receive notice of the meeting. Such a member, however, does have the right to request that any decision(s) taken during that particular meeting must be reconsidered after providing proof that proper notice of the particular meeting was not given. Reconsideration may only take place after the particular meeting's minutes were read and before they have been approved;

22.15. In alle stemmings in die Vryheidsfront Plus waar daar tussen individue gekies moet word ter vulling van enige pos, word van 'n geheime stemming by wyse van stembriewe of elektronies gebruik gemaak;

22.15. In all instances of voting in the Freedom Front Plus where individuals must be elected to fill any positions, voting takes place by means of a secret ballot;

22.16. 'n Sekundus kan nie genomineer of verkies word vir enige posisie op 'n liggaam waarop hy as sekundus optree nie;

22.16. A secundus cannot be nominated or elected for any position on a body on which he acts as secundus;

22.17. Enige Lid in 'n verkose posisie mag nie in vir langer as drie maande in daardie posisie bly indien hy nie meer Lid is van die liggaam waaruit die posisie verkies is nie;

22.17. Any Member in an elected position may not remain in that position for longer than three months if he is no longer a Member of the body from which the position was elected;

22.18. Die boekjaar van die Vryheidsfront Plus strek van 1 April tot 31 Maart;

22.18. The Freedom Front Plus's financial year ranges from 1 April to 31 March;

22.19. In alle bepalings van hierdie Grondwet waarna een geslag verwys word, sluit dit ook die ander geslag in.

22.19. All stipulations of this Constitution that only refer to one gender, also include the other gender.

## 23. ARTIKEL 23: WYSIGINGS

23.1. Die Missie van die Vryheidsfront Plus (artikel 3), artikels 8.1, 8.2, 8.2.1 tot 8.2.9 en artikel 23 kan slegs deur 'n driekwart meerderheid van stemgeregtigde afgevaardigdes teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Federale Raad geneem by twee opeenvolgende vergaderings van die Federale Raad verander word;

23.2. Die Beleid van die Vryheidsfront Plus kan slegs deur 'n tweederde meerderheid van stemgeregtigde afgevaardigdes teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering die Federale Raad by twee opeenvolgende vergaderings van die Federale Raad verander word;

23.3. Behoudens die bepalings van artikels 23.1 en 23.2 kan die Grondwet van die Vryheidsfront Plus sowel as alle reglemente, deur 'n meerderheidsbesluit van stemgeregtigde afgevaardigdes teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Federale Raad verander word.

## 23. ARTICLE 23: AMMENDMENTS

23.1. The Mission of the Freedom Front Plus (article 3), articles 8.1, 8.2, 8.2.1 to 8.2.9 and article 23, can only be amended by a three-quarters majority of delegates with voting rights present at two properly constituted and consecutive meetings of the Federal Council;

23.2. The Policy of the Freedom Front Plus can only be amended by a three-quarters majority of delegates with voting rights present at two properly constituted and consecutive meetings of the Federal Council;

Subject to the stipulations in articles 23.1 and 23.2, the Constitution of the Freedom Front Plus can be amended by a majority of delegates with voting rights present at a properly constituted meeting of the Federal Council.

## 24. STIGTINGSGRONDSLAG VAN DIE VRYHEIDSFRONT PLUS

Die Vryheidsfront is gestig op die volgende grondslag:

24.1. Dat alle lede aanvaar dat God-Drie-Enig oor die lotgevalle van volke en nasies beskik en dat ons as volksgenote onderneem om tot eer van God te leef

24.2. Dat Afrikanervolkseenheid bevorder moet word;

24.3. Dat die Afrikanervolk se reg op selfbeskikking, dit wil sê die reg om in sy eie staat oor homself te regeer, nagestreef sal word as 'n ononderhandelbare reg;

24.4. Dat 'n eenheidstaat en enige ander staatsvorm waarbinne andere staatkundig oor die Afrikanervolk kan regeer en waar hy deur ander verswelg mag word, vir die Vryheidsfront Plus onaanvaarbaar is;

24.5. Dat wet en orde so gehandhaaf moet word dat vrede en veiligheid gewaarborg en misdaad en geweld doeltreffend beveg word;

24.6. Dat enige vorm van Kommunisme verwerp word en met alle mag tot die beskikking van die Vryheidsfront Plus beveg sal word;

24.7. Dat 'n konfederale Beleid vir Suider-Afrika nagestreef en bevorder sal word.

## 24. FOUNDATIONAL PREMISE OF THE FREEDOM FRONT PLUS

The Freedom Front was formed on the following foundational premise:

24.1. That all members acknowledge that the Triune God determines the fate of people and nations and that as compatriots we undertake to live our lives so as to glorify God;

24.2. That Afrikaner national unity must be promoted;

24.3. That the Afrikaner nation's right to self-determination, that is the right to govern itself in its own state, will be pursued as a non-negotiable right;

24.4. That a unitary state as well as any other form of state where others can politically govern the Afrikaner nation and where it may possibly be assimilated by others is unacceptable to the Freedom Front Plus;

24.5. That law and order is maintained in such a way that peace and safety are guaranteed and that crime and violence are effectively combated;

24.6. That any form of Communism is condemned and that the Freedom Front Plus will oppose it with all its might;

24.7. That a Confederal policy for South Africa will be pursued and promoted.

**DR. PJ GROENEWALD**
Party Leier
Party Leader

**DR. CP MULDER**
Voorsiter: Beleids- en Grondwetlike Komitee
Chairperson: Policy and Constitutional Committee

**MNR. PJH DE NECKER**
Hoof Uitvoerende Beampte
Chief Executive Officer